




**TYDSKRIF
VIR
LETTERKUNDE**

November
1965



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

TYDSKRIF
VIR
LETTERKUNDE

REDAKTEUR: ABEL COETZEE

ADVISEURS:

*J. J. Brits, André Demedts, B. le Roux, D. F. Malherbe,
Vincent van der Westhuizen, F. A. Venter.*

NOVEMBER 1965

NUWE REEKS / JAARGANG 3

NOMMER 4

Alle kopie vir die tydskrif word gerig aan die Redakteur, Hoëwinde, Escombe-
laan 51, Parktown, Johannesburg. Ongevraagde kopie moet vergesel word van
'n gefrankeerde koevert.

Alle korrespondensie rakende administrasie, sirkulasie, intekengeld en adver-
tensies word gerig aan mej. S. Victor, Posbus 57, Northcliff, by Johannesburg.

INTEKENGELD: R2.00 PER JAARGANG, POSVRY.

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n jaarlikse
skenking van die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap en die Afrikaanse
Pers-fonds aan die Afrikaanse Skrywerskring.

Menings wat deur medewerkers uitgespreek word, is nie noodwendig menings
van die redaksie nie.

INHOUD

Bladsy

Marius Venter	1	Fragment uit Job
T. M. Hart	2	Kuns en die eie tyd
S. C. Hattingh	9	Kunani
Jaak van den Iepe	12	Als gij ook ouder werd
André Demedts	13	Moderne Poëzie II
Fred Walewijn	22	Kort verhaal e.a.
Freda Plekker	23	Dans van die son
Andries Alberts	24	Ontologie van Afrikanerskap
D. M. Greeff	35	Die ou man sterwe
B. le Roux	36	Surrealisme by Jan Rabie
V. v.d. Westhuizen	39	Die geneser
Hans Steyl	41	Staccato's
M. Kok	43	Terug in Suid-Afrika III
Marie Blomérus	54	Lawrence Ferlinghetti
Boeke Ontvang	55	

'n Spesiale toekening van R15 word gemaak aan die tref-fendste bydrae in elke aflewering vir die Augustus-aflewering word dit gemaak aan André Demedts: Moderne Poëzie I.

FRAGMENT UIT JOB

*Er was een man in het land Uz,
zijn naam was Job . . .*

En op die sesde dag
(want die sewende was die dag van die Here)
Het hy opgestaan
en na die poort van die stad gegaan
En op die ashoop daar gaan sit
Want in sy hart
het dit gebrand van smart.
En hy het sy hande na die hemele uitgestrek
en met smart het hy uitgeroep:
„Die dae van my lewe
is haas uit
Soos sand wat uit die tydglas loop . . .
Ek het gesoek wat skoon en edel was
en alleen die vloek
Van menswees het ek as my deel gevind!”
Daar het van 'n jongere geslag enkeles verbygegaan
En een van hulle — hy met die luidste lag —
Het hom op geruime afstand omgewend
en uitgeroep met al sy mag:
„Puin na die puinhoop ou domme dwaas!
Wie soek asyn as hy vonkelwyn
vlamrooi in sy are het?”
'n Enkele grysaard het op oorhaastige struikelgang
verbygegaan
Met hande geklem om 'n pelgrimstaf —
(hy was seer oud van dae en ylend grafwaarts onderweg)
En met die verbygaan het hy net
sy kop geloop en skud;
Maar dit was nie duidelik nie
of dit uit afkeer
Of maar net uit kindsheid was

KUNS EN DIE EIE TYD

Daar is gesê dat kuns (waaronder veral letterkunde bedoel is, maar waarby die ander kunsvorme nie noodwendig uitgesluit hoef te wees nie) tydsgebonde en nasionaal is en tog ook tydeloos en kosmies. Indien hierdie stelling as uitgangspunt aanvaar word, moet 'n bespreking daarvan rekening hou met 'n hele aantal sake. Omdat die kuns tydsgebonde en nasionaal is — of volgens dié opvatting dan behoort te wees — is dit nodig om in dié verband die hele situasie in 'n bepaalde tyd in berekening te bring. Daarby moet egter onthou word dat die kuns ook tydeloos is sodat die tydsgebondenheid nie 'n verskoning of kwalifikasie vir die kuns is nie, maar altyd 'n kenmerk daarvan sal wees. Die erkenning van die tweeledigheid van die kuns veronderstel verder nie dat slegs die *tyd* kan oordeel nie — selfs die tyd sluk nie alles nie.

Tydsgebondenheid veronderstel dat 'n kunswerk uit 'n bepaalde tyd met sy eie kenmerkende opvattinge, taboes, eksperimente, sensasionele en reaksies voortkom. Normaalweg is 'n kunswerk die werk van 'n mens of kunstenaar wat egter soos die tyd nie enkelvoudig te sien is nie. Soos 'n bepaalde tyd gevorm word deur verskillende inwerkinge en selfs teenstrydighede word die kunstenaar — naas die tyd — ook gevorm deur sy psigiese en maatskaplike lewensvatbaarheid, sy insig of gebrek aan insig, ondervinding, sensasiebelustheid en — om 'n wyer en gladgelekte begrip te gebruik — sy eie lewens- en wêreldbeskouing wat ook nie sy eie is nie, maar deur baie faktore, gebeurtenisse, oorwinnings en mislukkings as aanvaarbare uitkoms uit sy dilemma aangeneem word. Die hele *ek* van die kunstenaar of die mens in die algemeen bly dus nie konstant en eenders nie. Dit is 'n voortdurende kies, aanpas by en inwerk op die omringende realiteit wat ook voortdurend wisselend en vloeibaar bly. Ook die lewensbeskouing is nie 'n geykte (wie sou dit kon yk) stel norme nie, maar 'n wisselwerkende aanvaarbaarheid tussen die *ek* en die *jy* onder die dwang van die bepaalde situasie. En daarmee is ons weer by die tyd wat eintlik uit raakpunte tussen individue opgebou word, maar ook by die sosiale of maatskaplike gebondenheid van die kuns en die kunswerk.

Die begrippe *sosiaal* en *maatskaplik* het baie betekenis gekry, maar word hier nie gebruik as verskoning vir die sosialistiese en liberale neiging in die kuns nie. Die sosiale lewe en maatskappy het heelwat te sê in die kuns, is medeverantwoordelik vir die kuns en vorm juis daarom 'n buffer teen die sosialisme

en liberalisme wat van die kuns 'n wapen gemaak het — en daarmee die waarde van die kuns opnuut bewys het. Die maatskappy en sosiale lewe is 'n buffer teen sosialisme — tensy die maatskappy natuurlik self sosialisties is of geword het.

Omdat die kuns tydsgebonde is, is dit te verstane dat die kuns neerslae van die tydstroming sal vertoon. Tog is dit in 'n sekere sin jammer, want die tydsgebondenheid van die kuns veronderstel nie sonder meer dat die kuns 'n spieëlbeeld van die tyd moet gee nie. — Geen kunstenaar sou dit geestelik-betalend vind om die tyd te kopieer of selfs te weerspieël nie en buitendien groei die veronderstelling al hoe sterker dat kuns nie maar net 'n aktiwiteit of selfs 'n hoë geestesaktiwiteit van die mens is nie. Die tydsgebondenheid van die kuns veronderstel nl. ook dat die kuns die tyd sal beheers, suiwer, 'n soort van chemiese verbinding in en met die tyd aangaan en sodoende, hoewel 'n produk van die tyd, ook voedsel vir die tyd sal wees. Die kunstenaar hoef miskien nie 'n profeet, maar kan ook nie agterryer wees nie en kan nie anders as om homself te laat geld en sy werk nie.

Soos reeds opgemerk is die mens-as-kunstenaar die produk van baie dinge. Geen wonder dat sy verantwoordelikheid juis deur hierdie feit in die gedrang kom en selfs onseil word nie. En tog kan dit nie aanvaar word nie. As redelike wese bly die kunstenaar verantwoordelik vir sy dade — soos enige normale mens wat nie „geklassifiseer” word of is nie — en ook vir sy kunsprodukte. Dit verbaas 'n mens en laat jou twyfel aan die verligtheid van ons eeu as kunstenaars roem in hul onvermoë om hul kunsprodukte „in toom” te hou of daarin slaag om agter die skyn van die kunsagtigheid van hul werk te skuil en tog moet 'n mens erken dat nie net die kunstenaar skuldig is nie. Ook die publiek, die leser, is verantwoordelik vir die toestand wat hulle deur hulle slaafse navolging en blinde goedkeuring help skep het. Dit is tyd dat dit (weer) 'n deug word om self te besluit waarvan jy hou en waarvan nie en nie 'n onvermoë en gebrek aan opvoeding of insig as jy nie met die stroom saamgaan nie. Dit lyk asof die maak van kuns verband hou met die maak van taal of die demokrasie. In elke geval is dit die volk wat die sê het, maar as die volk te slap is om sy reg uit te oefen, neem die burokrasie oor en dikteer hy aan die volk. Miskien is dit juis *dit* wat in ons tyd besig is om gevorm te word: die besef dat die groep of 'n volk as totaliteit nooit die leiding kan neem nie, dat die meerderheid altyd gedoem wil wees tot navolging, die dinkwerk aan ander oorlaat en dan maar skreeu soos die ander skreeu. Behalwe op politieke gebied — staatkunde is nie politiek nie — sou dit 'n kwade dag in die bestaan van enige volk wees as hierdie toestande op alle lewensterreine voorkom.

'n Skrywer is 'n gewone mens. Vir die wat nog daaraan getwyfel het en die denker, skrywer, digter (mooi woordel!) graag op 'n voetstuk wou plaas, het die na-oorlogse chaos die

bewys gebring. Soos ons gewone mense werk en skryf hulle om aan die lewe te bly. — En selfs hierdie „aan die lewe bly” het vereng tot die biologiese en sosiale. Of sou ons nog van die moderne kuns kon beweer soos W. A. de Klerk in ’n reeks radiopraatjies (min of meer getitel: *Waarom skryf ons?*) dat dit (so het ek dit verstaan) ’n manier van dankiesê is? ’n Wyse waarop dit waarvan die hart vol is deur die verstand en verantwoordelikheid uit die pen gegiet word soos olie en wierook tot ’n lieflike geur? Kortom: die skrywer skryf omdat hy moet en omdat hy doen wat hy moet doen, kies hy kant en aanvaar hy daarmee stilswyend sy eie verantwoordelikheid vir sy keuse. Maar soos in die natuur lewe en dood, verdamping en kondensasie ’n kringloop vorm, word die kunstenaar ook deur sy tyd gevorm en juis omdat hy ’n gewone mens is, glo hy daaraan dat hy slegs kan eksisteer deur die eerste hou in te ’kry. Waar die volk laat slaphang klim hy in en voer hy die logge dier asof hy hom daarmee na sy dood wil dryf. — Kan ons glo dat hierdie gesindheid van die kunstenaar slegs skyn is; dat hy diep bewus van die laagwatermerk van ons kulturele lewe as westerse en Christelike volk treur en eendag as hy ons in sy mag het ons weer terug sal lei? Weet die kunstenaar so duidelik wat hy wil hê dat ons ons op hom kan verlaat; maak hy ons mak, hervorm en verag hy ons sonder dat ons dit weet of sterf hy aan ons kruis van modernisme en chaos en oppervlakkigheid om ons daarvan te verlos? — Die kunstenaar is ’n gewone mens en ek weet nie van ’n gewone mens wat al so iets gedoen het nie. Maar dan: as hierdie modernisme nie ’n Picassograp of ’n nagmerrierit is nie, wat is dit dan? — Die kunstenaar is ’n gewone mens wat die waarde van advertensie besef en relikwieë verkwansel. Maar — is hy dan nog kunstenaar? Afgesien van wyevertakte beïnvloedingsfere, eie voorliefdes en winsbejag word die kunstenaar gevorm deur die omgewing waarin hy leef, die volk en familie waaruit hy stam en die tydsomstandighede waarin hy bestaan. Uit die seer van die massa, volk of tydsgeurig styg hy as damp om sy reën — of mistigheid wat nie uitkoms bring nie, maar darem tydelik die uitsig versper — oor dieselfde see te versprei. Ons moet hom dankbaar wees. Sy naaktheid verberg ons naaktheid, sy materialisme en verwarring kon ons s’n gewees het — is ons s’n as ons hom volg.

Miskien lê die waarde van die modernisme hierin dat dit ’n skrifbeeld wil voorhou en deur ’n soort van geestelike skok-terapie die tyd wil suiwer. Skrywers en kunstenaars is normaalweg min of meer volwasse en verantwoordelik. — Was dit Baudelaire wat gepraat het van: dronk van die kuns of die wyn of die deug? — Miskien is dit dit wat maak dat mense by mekaar verby praat, want daar is seker ’n groot verskil tussen dié vorme van dronkenskap, trouens, as jy sou dronk wees van die deug — maar hierdie monnikdronkenskap bestaan seker

nie meer in die kuns nie — sou jy maklik in enige ander ver-
slaafdheid 'n ondeug sien.

Die tydsgewondenheid van die kuns maak maklik van iets
wat kuns kon wees 'n onding. Tydskuns of nasionale kuns is
hoogstens kleinkuns — en die benaming is al weer 'n toege-
wing wat in normaler tye eintlik nie gemaak moet word nie,
maar sedert die besef dat die alles-of-niks-standpunt die stryd-
kreet van die jeug is, word dit wel gemaak. Tydskuns, nasionale
kuns of kleinkuns beklemtoon die rol van die tyd in so 'n mate
dat die tydeloosheid eintlik vergete bly en kuns net aan die
huidige „behoefte” getoets word. Maar sodoende word die
kuns hoogstens nog eetgoed of drinkgoed van en vir die tyd
maar nie meer voedsel nie. — Laat ons eet en drink en vrolik
wees, want môre sterf ons en dan het ons nog nie eers geleue
nie(?) Miskien is dit die gesindheid en gevoelsklimaat waarin
die moderne mens leef. En tog: as dit so is, is dit nie onsinnig
nie? Padongelukke is wel 'n probleem en die lewenskoste styg
voortdurend, maar origens lyk dit tog nie of ons almal môre
sal dood wees nie; selfs ten spyte van die vrees dat die wêreld
oorbevolk raak en daar 'n kêrel soos Spengler geleef het. En
as ons tog sterwe? Dit lyk asof die vrees vir die sterwe ons
daarvan weerhou om werklik en verantwoordelik te lewe. Maar
daar kan 'n ander rede wees waarom die tydskuns as kuns
beskou word.

Met die vooruitgang van wetenskap, tegniek en psigo-
analise het die mens bang en fatalisties geword. Niks is vir
hom meer bedek, onverklaarbaar en onaantasbaar nie. Sy
geestelike atoom dreig om te splits en sy kern word 'n groot
leegte, 'n niks en daarom gryp hy die *nou*, die *ek is* as enigste
anker, wis hy grense uit en gaan hy op sy eie ruimteriese,
tart hy alles — maar ook letterlik alles — om aan sy vrees en
geanaliseerdheid en gebrokenheid te ontkom. En juis hierin
lê die bewys dat hy nie dood of net fisiese materie is nie. Soos
die Sodomiete met blindheid geslaan is en nie die manne wat
saam met Lot in sy huis ingegaan het kon kry nie, soek die
mens na nuwe bindinge, nuwe en ander uitkomst, verwerp hy
sy tydelose en kosmiese gebondenheid juis om te probeer bewys
dat die graaf van die wetenskap en psigo-analise hom nie
stukkend gekap en van hom viskos gemaak het nie. Die mens
en sy kuns het tragies geword en in 'n smeltkroes beland wat
dreig om sy „geestelike materie” te vernietig. Juis hierdie feit
dat die mens in 'n worsteling verkeer, die „geweldige beure”
in hom voel en oënskynlik „sterf aan die tyd” omdat hy
„êrens in die ewigheid” verban is, laat my glo dat hy weer by
sy Aden sal aankom en die eintlike reis onderneem.

— Indien 'n mens nou wou probeer bepaal hoe die monste-
ring van bemanning en die gereedmaak vir die reis verder, dan
wil dit lyk asof die put in dié groot droogte wat die land teister
Sonderwater is, die sewe dae een vir die pad, die katastrofe
selfs die yster laat sweet en orgie 'n gebruikte palet waarop

verf vir die advertensie gemeng is, of alles konstruksielyste — betalende konstruksielyste wat weer uitgegee gaan word. As ek nou op die maan wil kom . . . hoe sal ek reis: met dollar of roebel; 'n wondertapyt; saam met die fakirs? Dit is goed om gereed te maak vir 'n verlossende reis en ook om tevrede te wees as ander voor jou daar kom of te swyg as jy eendag besef dat hulle nog altyd op die regte roete was.

Dit was Frederik van Eeden wat êrens beweer het dat die massa stadig en nie so fyn oordeel nie, maar op die ou end tog sekuur. Ook dit is van belang t.o.v. die tydsgebondenheid van die kuns. Hoewel die groep wat die kunstenaar help vorm het, die klimaat geskep het, hom kwalik kan verwyt — tensy hulle natuurlik die bepaalde kunsrigting as 'n kwaadaardige gewas, 'n uitgroei of groepsvreemd gaan en kan beskou — kan die kuns nie slaag as dit op oordrywing, reaksie en teenkanting steun nie. Uittarting, demonstrasies en sanksies het wel mode geword, maar nie deur revolusionêre optrede in die stoel kom word weer deur revolusie daaruit gelig. Wie vinnig probeer ryk word kan vind dat hy vinnig arm word en wie deur reaksie en katastrofe probeer groei kan vind dat hy kwyn, terrein verloor en weer voor moet begin. Volkskuns is nie net die kuns van 'n bepaalde volk omdat dit per toeval in die taal van die bepaalde volk geskryf is nie. Soos die kunstenaar moet ook die kuns uit die groep of volk en vir die groep wees. — En volwasse kuns of kuns vir 'n bepaalde geselekteerde groep dan? As daar so iets bestaan — en kan bestaan — hoef die volk of wyer groep hom nie daarvoor moeg te maak nie; op voorwaarde natuurlik dat dit dan nie in die taal van die volk geskryf is nie, nie deur die kommunikasiekanale bekend gemaak word en nie deur die voormanne van die volk bekroon word nie. Laat dié kuns dan maar ondergronds gaan en daar bly tot dit gis of groei en volwasse genoeg is om as kuns aanvaar te word. Vir alle ware kuns bly dit 'n voorwaarde dat dit tydsgebonde en nasionaal (volks) sal wees.

Met tydsgebondenheid word verder nie bedoel dat kuns aktueel in die sin „van onmiddellike belang, m.b.t. die gebeurtenis van die oomblik” moet wees nie; miskien juis nie, maar wel aktueel in die betekenis van wesenlik. Maar nou ontstaan die vraag of enigiets werklik aktueel in dié sin kan wees en dan ook nog *net* tydsgebonde. Dit hang seker af van wat 'n mens onder die begrip verstaan en tog wil dit lyk asof die wesenlike in die kuns nie aan die tyd gebonde kan wees nie. As daar iets wesenlik in die kuns is — al is dit net wesenlik t.o.v. die kuns self behoort dit tog immers solank daar kuns is, wesenlik dieselfde te wees. As ons kon veronderstel dat die wesenlike in die kuns 'n vorm van dankie sê is, soos Opperman se paddas en Geselle se skrywertjies dan ook doen, dan is dit seker te beskou as 'n kenmerk van die kuns. Maar nou: as dit 'n kenmerk van kuns is en kuns vir die mens dié funksie het of kan hê, dan is die kuns ook aktueel vir die mens as sodanig. En

as dit so is, volg daaruit dat die kuns ook noodsaak vir die mens is en naas die godsdiens (wat die mens o.a. leer glo in iets bo of buite homself) en naas en vollediger as die filosofie (wat die mens se denke wil orden) die lewe soos die mens dit ken, ervaar en ondergaan, wil orden en beheers. So gesien is die kuns dus ook tydeloos en kosmies, met as kenmerk die vermoë om die lewe te beheers en as funksie juis sodanige lewensbeheersing. Sodoende kan die kuns telkens weer funksioneel word en selfs in 'n tyd waarin die wagwoord *bruikbaarheid* is, 'n belangrike funksie vervul; of ander gestel: kuns is altyd funksioneel en bruikbaar en daarop uit om die aktualiteit van ons menswees te suiwer en te beheers en as dit nie in 'n bepaalde tydsgewrig die geval is nie, is dit 'n bewys dat wat in so 'n tydsgewrig as kuns aanvaar word, nie kuns is nie.

Die tyd oordeel dus nie alleen oor die kuns nie. Die eietydse produkte moet en kan na waarde geskat word en dit sal gedoen word as die kunsbeskouer sy taak ken en hom nie diensbaar maak aan literêre smousery, seksionele vooroordele en tydstrominge nie. Dit is 'n groot taak en 'n groot verantwoordelikheid met as grootste gevaar daaraan verbonde dat eerder te veel as te min produkte as kuns beskou sal word. Geen ware kunstenaar is nog ooit dood gekritiseer nie — en as dit ooit sou gebeur sal dit seker nie skade wees nie. Aan die ander kant kan daar gevaar skuil in die kritiek wat nie wil of kan voorskryf nie en slegs volg. En tog as die kritiek sou voorskryf en die rigting vir die kuns probeer bepaal kan daar weer probleme ontstaan. Absolute objektiwiteit is seker selfs vir 'n skeidsregter in die toetswedstryd 'n ideaal om na te streef en vir die kunskritikus nie minder nie. 'n Ander vraag is of die kunstenaar sal volg en verdra dat die kritikus hom aan-dienus lei. Die kunstenaar is immers nie die kritikus se hantswors nie, maar dan: die kritikus seker ook nie die kunstenaar se impresario nie. Dit lyk asof die twee groepe maklik op mekaar se tone kan trap en 'n stryd kan ontketen oor wie nou eintlik die grootste in die kunskoninkryk moet wees. Miskien is die kritikus wat boeke aankondig en bespreek selfs nie nodig nie(?) Ek glo nie, want elkeen het 'n taak waarby die sukses wat hy behaal sal afhang van die gesindheid en eerlike onbevangenheid waarmee hy dit verrig. — Dit bly moeilik om die konstruksie so te trek dat die mens nie aan die een kant te veel en aan die ander kant te min verantwoordelikheid dra nie. Maar dan: juis dié feit versterk die vermoede dat die mespunt en die ewewig hier êrens lê. Die skrywer, die kritikus en die leser bly verantwoordelik vir wat hy doen en selfs die invloed wat hy ondergaan, die klimaat wat hy skep en die klip wat hy gooi.

As nagedagte noem ek enkele sake wat dr. (pres.) Edward Benes in *Literature's mission in modern times*, Praag, 1947, aanhaal. In die toespraak gelewer voor die kongres van Tsjego-Slowaakse skrywers, skets hy die land se politieke

en nasionale stryd en emansipasie en veral die rol van die skrywer en die kunstenaar daarin. Hoewel dit vir hom 'n uit-gemaakte saak is dat die kunstenaar en die kuns in 'n sekere sin vry moet wees en nie gedogmatiseer moet word nie, verklaar hy nogtans: „It is the task of our literature and art, of our writers and all our cultural workers, to work deliberately and consistently in the spirit of our great human and national legacy, for the universal spiritual expansion of the nation. The writer should serve as an intermediary and propagator of our spiritual values to the rest of the world. His role is non-political, and thus at the same time highly political. He practises so-called non-political politics and therefore the best of all politics. He does not make his work and literature tendentious and vulgar propaganda, but tries to present his nation to the rest of the world in artistic language and in cosmopolitan form.”

Miskien sê hierdie siening niks. Dié landjie bestaan trouens nie meer in dieselfde sin as toe nie en tog is dit 'n bewys van wat die funksie van kuns kan wees. In dieselfde stuk lees ek dat dit die taak van die skrywer is „to rouse the national conscience” en: „each of our discussions or the tasks of the writer in our nation must begin with our Czech spirit and character, and end in Europeanism and humanity.” Miskien klink dit al gekleur — hoewel *humanity* nie noodwendig 'n geurtjie moet hê nie — maar dan: „Literature is the vehicle and guiding agent of the whole spiritual process in the nation, it is at the same time its director in the sense that it keeps this constant spiritual fermentation within the limits which prevent the nation and State from being subverted by anarchic elements peculiar to human psychology, and brought into spiritual chaos.”

— Sou dit die rol en taak van die Suid-Afrikaanse skrywer, en eerlike verslaggewer(?), kon word? Hier sal die tyd seker moet leer.

KUNANI

Droomverlore staar Kunani
na haar skommelende beeld
op die spieëlvlak van die water
in die soet kristalfontein.
Helder dryf sy vir 'n oomblik
en dan sink sy dieper weg —
om met stille siddering
weer dof-glansend te verskyn.

Teen 'n rots geleun
peins sy oor haar lot —
oor die groot verdrukking
deur mense van haar bloed;
hoe sy soos 'n dier
wat redeloos bestaan
gelei is na die altaar
om willoos te vergaan . . .

Kunani droom van hom
deur towenaars verban
sodat hul trots en hebsug
hul strikke sterk kan span . . .

Sy droom van hom, die held
tot swerweling gedoem,
die minnaar van haar keuse
deur niemand meer genoem . . .

Kunani skrik meteens
uit haar oorpeinsing op —
sy hoor 'n stem wat fluister,
asof die wind haar roep:
„Kunani, Kunani, my beminde
ek is hier, ek het gekom . . .”

Vinnig draai sy om —
die waterkruik gly uit haar hand
val teen die rots
en spat in skerwe . . .

Die kwêvoël in die bos,
die groot verklikker,
het alles gesien.

In die hoogste top van die maroela
naby haar hut
blaker hy met groot genot
sy skinderstories uit.

En Huveane, onding van die nag,
basuin kwylbekkend
met skor hiëna-lag
sy laster oor die wêreld uit . . .
Hy het haar self begeer
in die riete waar hy wag:
die ronding van haar borste
die ritme van haar heup . . .

Van ver af hoor Kunani
die groot rumoer.
Die vroue klets aanhoudend,
dreig met stokke,
veroordeel die slet . . .

Die groot kaptein
se lippe bewe,
wag op die vonnis
wat die towenaar moet vel . . .

Die towenaar spring hoog
die lug in op,
woes stamp hy met sy voete
op die grond,
swaai die horings aan sy kop
totdat sy liggaam
blink van sweet
en skuim sy mond bedek . . .

Dan kniel hy by die bene
op die grond gesprei,
kyk lank daarna
en staan dan mompelend op . . .

„Kunani het die kruik gebreek,
die kruik wat nie
vervang kan word nie.
Sy moet sterf,
sy en haar minnaar.
Van die hoogste krans
in die berg
moet hulle gewerp word.
Dagbreek, as die son se strale
oor die berg verskyn,

moet hulle gaan.
So beveel
die geeste van die Voorvaders."

Die vroue dans en juig,
spoeg in die rigting
van Kunani.
Die groot kaptein staan op

en hou sy blink asgaai omhoog.
Stilte.
Half-dronk, met oë bloedbeloop,
tuur hy oor die skare.
Dan bulder die tiran:
„So sal dit wees. Die Voorvadergeeste
het gepraat.
Teen dagbreek sal hulle sterwe!"

Kunani sidder. Pandemonium heers.
Sy staan alleen
tussen die vloekende, skreeuende massa . . .
Sag neurie sy 'n liedjie
lank gelede
deur haar moeder gesing:
„Hoe wonderlik is 'n tou?
Ag, hoe bly sal ek wees
om 'n tou te kan vleg
en op te klim
na die Hemel!
Ek sou daarheen gaan
om rus te vind . . ."

JAAK VAN DEN IEPE

ALS OOK GIJ OUDER WERDT, OUDE GESLACHTEN

Als ook Gij ouder werdt, oude geslachten,
juichte ook de lente in U als 't groots herleven
van alle diepe, schone levenskrachten,
's winters in mens en dier sluimrend gebleven,
maar die, eindloos, dóór al, de horizonnen,
diep-ingekeerd, het grote licht steeds wachtten?
— En zijt Gij, telkens, groots ook herberonnen,
met al de jeugd, die alle lenten brachten?

Wist Gij ook 't gulden zoomren zijn: het wijde,
licht-overgoten wassen van de vruchten,
wier weelden op de winters voorbereiden,
en mildheid zalven om wat eens moest duchten?
Het volle geven uit het volle kunnen,
van de eerste vroegte nog vóór 't zonnedagen:
opdat de winter ganse rust eens gunne,
aan die eerst alle krachten moesten wagen?

Ging, ook in U, de herfst steeds trager scheiden,
met wranger weemoed wenend in de dingen,
naarmate 't leven minder weer liet beiden,
voor 't hart staag-zwaarder aan herinneringen,
— die nog zoveel — aan — zonnelicht verwachtten,
aleer zij aan zijn goedheid gans verzaakten,
en zich aan alles vast te klampen trachtten,
aleer voor goed hun winternaaktheid naakte?

Werd, dieper-steeds, de winter ook't groot zwijgen
van al 't broos aardse in U, eer 't gans zou breken?
Uw ingekeerd staag-zwaarder aardwaarts nijgen
eer, tussen u en haar, de grenzen weken?
Aleer gij opgingt naar Gods immer-beiden,
eeuwig jong in de Bron van alle leven,
— zo alle winters de lenten bereidden,
waar 't leven steeds opnieuw zich blijft weggeven?

MODERNE POËZIE II

BETEKENIS EN TOEKOMST

Uitgevers en boekhandelaars zijn eensgezind in hun verklaringen: sedert enige jaren vermindert de belangstelling van het publiek voor wat de Fransen „les belles lettres” en wij in navolging daarvan „de fraaie letteren” plachten te heten. Niet dat er minder gelezen wordt! Integendeel. De stijgende welvaart en de veralgemening van het middelbaar onderwijs tot brede bevolkingslagen, die daar vroeger van verstoken bleven, hebben gemaakt dat het aantal lezers in het jongste kwarteeuw misschien verdubbeld werd. Maar die lezers blijken, vergeleken bij wat eertijds het geval was, meer belangstelling te voelen voor theologie en wijsbegeerte, wetenschap en geschiedenis, dan voor letterkunde in de enge en juiste betekenis van het woord.

Die ontwikkeling hoeft ons niet te verontrusten, want zij houdt de waarborg van een gezondmaking in. Al te veel schrijvers vatten hun taak als een louter commerciële aangelegenheid op. Zij zoeken niet anders dan sensatie door alle normen van fatsoen en wellevendheid te verloochenen, een overdreven belangstelling voor seksuele wansmakelijkheden te betonen en alles neer te halen, godsdienst en vaderland, volk en gemeenschap, eerbied voor zichzelf en anderen, dat onze westerse beschaving ten grondslag ligt. Wij weten dat die hoogste levenswaarden slechts hun waarde en betekenis kunnen behouden als er voortdurend over hun gaafheid gewaakt wordt en een ononderbroken strijd hun voortbestaan tegen alle vormen van vervalsing vrijwaart. Daarom staan wij ook een bestendige hernieuwing voor, een nooit eindigende revolutie van de geest, tegen alle verstarring aan de ene en een opzettelijk destructieve houding aan de andere zijde. Dat het publiek zich afkeert van een literatuur, die uit berekenend winstbejag werd geschreven, is een gelukkig verschijnsel.

Een tweede oorzaak die op de teruggang van het letterkundige boek inwerkt, licht bij de reusachtige vooruitgang die de wetenschap kent. De menselijke nieuwsgierigheid, ons verlangen naar opheldering over de geheimen van het bestaan, onze nood aan waarheid, vonden lange tijd hun bevrediging in het werk van woordkunstenaars. Van Maerlant schreef de geschiedenis van de wereld in zijn „Spiegel Historiae”, Dante verenigde die geschiedenis met een kosmologie in zijn „Divina Commedia” en Goethe was niet alleen de dichter van „Faust”,

maar ook een essayist over kleuren en delfstoffen. Vroeger was het gebied dat door de letterkunde bestreken werd veel groter dan nu. De geleerden hebben de dichters veel werk uit de handen genomen. Wie zal het betreuren, als we vaststellen dat wetenschap noch kunst er slecht bij gevaren is? Want de wetenschap werd zuiverder wetenschap, de letterkunde zuiverder kunst. De geleerden hebben bewezen dat zij hun stof op kunstige wijze konden aanbieden, de kunstenaars ervaren dat het onderwerp van hun scheppingen veeleer het leven dan de wetenschap is. Het begrip literatuur is door die gang van zaken helderder en scherper omlijnd tot ons gekomen en juist daardoor werd haar bestaansreden ook vaster gegrond. Maar nu dreight meteen het gevaar dat er een onvertogen inperking van haar betekenis en van wat zij in wezenheid is tot een onvruchtbare verarming zal leiden. Dat is het grootste bezwaar dat wij tegen de eksperimentele woordkunst hebben, waar de wereldwijde grondstof van de kunst, die het ervaringsleven van de mensheid is, tot een spel met de uitdrukkingsmiddelen wordt verminderd. Wij moeten de essentie van de poëzie veilig stellen, willen wij haar betekenis en toekomst redden.

Wij kunnen moeilijk schatten hoeveel poëziefhebbers er in een taalgebied wonen. Op dit ogenblik zijn er ongeveer 18 miljoen Nederlandssprekenden. Nu stellen wij vast dat het werk van enkele dichters in grote oplagen verschijnt. In weinige jaren haalde „In Ballingschap”, een bloemlezing uit Adriaan Roland Holst, 25.000 en „De laatste Stad”, een keus uit Gerrit Achterberg, 15.000 eksemplaren. Daartegenover staat dat het vrij behoorlijk is als de verzenbundel van een bekend dichter op 1.000 eksemplaren uitkomt en dat werk van een onbekende moeilijk kan uitgegeven worden, omdat het zelden voldoende kopers vindt om de gemaakte onkosten te dekken. Sedert drie jaar bezitten wij een reeks, „Poëtisch Erfdeel der Nederlanden”, die ruim dertig deeltjes telt, waarin werk van dichters uit deze en vroeger eeuwen wordt opgenomen. De oplage bedraagt 3.000 eksemplaren per deeltje en de belangstelling blijkt voldoende om de voortzetting van het initiatief te verzekeren.

Die cijfers zeggen niet alles en toch laten zij een voorzichtige raming toe. Er moeten in het Nederlands taalgebied een paar honderdduizend mensen leven die niet alleen gedichten lezen, maar ook soms een verzenbundel kopen. Dat lijkt iets meer dan één op honderd, wat in onze ogen een gunstige verhouding uitmaakt. Naar alle waarschijnlijkheid zijn het vooral jongeren, leerlingen uit het middelbaar onderwijs. Hun leeftijd en de invloed van het milieu werken samen om hun belangstelling voor poëzie op te wekken. Zij hebben nog de tijd om iets anders dan kranten en verslagen te lezen, wat veel volwassenen menen niet meer te bezitten en zijn dikwijls edelmoedig genoeg om het zakgeld dat zij ontvangen liever aan kunst dan aan meer materiële aangelegenheden te besteden. Toch kennen wij ook

verschillende oudere mensen, zakenlieden zelfs, die soms een letterkundig boek en een zeldzame keer uit een bundel of bloemlezing enige gedichten lezen.

Wat zij aan de poëzie hebben? Waarschijnlijk dat hun antwoord zou luiden: een zekere voldoening. Zelfs als de poëzie hen ontsticht of bedroeft, schenkt zij hun een gevoel van verrijking, de vreugde waar Keats over spreekt in de eerste regel van „Endymion”. Later, als zij even veel zo niet meer van het leven dan in de school geleerd hebben, zullen zij tot de bevinding komen dat de dichtkunst hun drie dingen geschonken heeft: de openbaring van de eenmaligheid van iedere menszijnsvorm, zin voor gebondenheid en bevrijding uit de verveling van het alledaagse.

In een van zijn voordrachten heeft Hugo Verriest eens gezegd dat er geen twee gelijke mensen bestaan. Even min verduidelijkte hij als twee gelijke bloemen of blaren aan dezelfde struik. Wij zijn anders dan anderen en hoe inniger dat anderszijn beleefd wordt hoe gaver de persoonlijkheid. Het is de enige, onvervangbare mens, die in de poëzie tot uiting komt, met al zijn deugden en fouten, met wat hij is en wil worden, met wat de natuur hem gegund en hij voor zich zelf verworven heeft, met de vorm, de ziel, het bestaansprincipe van zijn wezen, dat hem, zoals wij gelovigen het zien, door de Heer werd verleend. Poëzie genieten is in de eerste plaats zich bewust worden van een reeks waarheden omtrent de mens en daardoor opheldering over zijn eigen lot verkrijgen. Geen hoger wijsheid voor de Grieken dan „Ken u zelve”, het opschrift dat op de tempel te Delphi stond. Die zelfkennis, dat innerlijk gadeslaan van onszelf, dat meteen een waarneming en ontdekking van anderen wordt, behoedt voor de overmoed die door de goden werd bestraft en leert de wijsheid, die, kan ze de grondstructuur van ons wezen niet veranderen, toch tracht tussen onze kwade neigingen en strevingen naar het goede een evenwicht te bereiken, dat ons voor ongeluk en leed zou mogen bewaren. Veel afstotelijks in onze medemensen, kleinzieligheid, berekening, dwaasheid, onbetrouwbaarheid en zelfs boze wil, verliest iets van zijn ongunstig karakter, als wij ons in hun plaats kunnen stellen, wat betekent als wij hen kunnen begrijpen en eerbiedigen in hun anderszijn.

Poëzie is een spiegel waarin de oneindige verscheidenheid van de mensen kan bekeken worden. Waar een dichter aan een ander dichter herinnert, is hij minder dan elders zichzelf; waar men de dichters uit een bepaalde periode niet uit elkander kan kennen zal hun betekenis niet belangrijk zijn. Men kan de echten, de groten, de blijvenden, niet onder elkander verwisselen, ze zelfs niet met elkander verwarren. Eén strofe van Goethe of Shelley, Hugo of Leopardi is voldoende om hen van alle andere dichters te onderscheiden. Waar in een bepaalde periode de gelijkvormigheid van de poëzie haar hoofdkenmerk wordt, bezit ze geen grote schoonheidswaarde. Denken wij

slechts aan de rederijkerskunst en de dorre achttiende eeuw in de Nederlanden. Tijden van verval in die poëzie worden door epigonen beheerst; tijden van bloedood persoonlijkheden. De eersten laten zich door voorschriften en vergelijkingen leiden, de anderen door de natuur en de scheppende energie die hen vervult. Poëtische schoonheid is altijd getuigenis van de mens, niet omdat zij een rechtstreekse belijdenis van innerlijk leven zou onderstellen, maar omdat zij in haar vorm, door haar woordegebruik, een eenheid van zin en ritme, klank en beeld, het stempel van zijn wezenheid draagt. Door die betoning van het belang dat de menselijke eigenheid, de oorspronkelijkheid van ieders zijn en bewustzijn bezit, is de dichtkunst een middel tegen alle vervlakking naar onder en de bedreiging met een maatschappij waarin de gelijkheid, door het niets en niemand meer zijn, tot volstreekte norm zou worden verheven.

Die behoefte aan vrijheid voor de scheppende persoonlijkheid gaat evenwel met de noodzaak van een sterke gebondenheid verenigd. Er is poëzie waar ritme bestaat. Maar het ritme komt in een oneindige schaal van gradaties voor. Ook kunstproza bezit ritme. Het is echter te wijldlopend, over een te lang uitgedijde verwoording aanwezig, om de sprankkracht te kunnen opbrengen die het proza tot dichtkunst zou omtoveren. Beter is het reeds in het prozagedicht en toch zal ook dat hybridische genere zelden voldoening schenken. Tagore kan alleen door lezers die hem om de inhoud en eigen sfeer van zijn werk bewonderen als een eerste-rangsdichter worden beschouwd. Hij is meer een profeet, zoals ook Whitman dat was. De zuiverste, de hoogste poëzie, vertoont de sterkste ritmische binning.

De echte dichter stelt zich nooit met een gemakkelijksoplossing tevreden. Geen stoplappen bij hem, geen bladvuysel, geen toegevingen om het rijm, geen gewrongenheid, geen knepen om zijn onmacht te bemantelen, want hij beleeft zijn dichtelijke schepping als een taak die de strengste zelftucht vergt. In zijn werk is hij de bewaarder en hernieuwer van de taal, die zich desnoods tegen de tijdsgeest verzet, om verbastering en slordigheid uit te bannen. Hij maakt nieuwe woorden waar ze ontbreken om te zeggen wat hij weet, hij verleent aan bestaande woorden een nieuwe betekenis en haalt oude woorden uit de vergetelheid op om ze aan de taalschat van zijn volk terug te schenken. Wat onze taal betekent beseften wij, Vlamingen en Afrikaners, Afrikaners en Vlamingen even goed, omdat wij om haar voortbestaan geleden en gestreden hebben. In de taal uit zich de ziel van een volk en die ziel wordt anders als zij haar eigen taal verliest. Door haar verbondenheid met de taal, door haar taal- zijn is de poëzie, meer dan de andere kunsten in de nationale gemeenschap geworteld.

Zo lang de westerse mens een gevoel van onvrede kan ondergaan, zal hij aan zijn beschaving en cultuur verder bou-

wen. Het is zijn eeuwige onrust die het Westen gemaakt heeft tot wat het is en die onafzienbare schat aan kultuurgoederen geschapen heeft, waarvan wij de erfgenamen zijn. Wij zijn geen kultuurpessimisten, omdat wij weigeren in een vrijwillig gedulde ondergang van onze kultuur te geloven. Ongetwijfeld zijn er tal van verontrustende verschijnselen, gevaren die ons uit Azië en Afrika bedreigen, zelfs ziektekiemen die ons van binnen hebben aangetast, maar al die kwade kansen wekken ter zelfder tijd onze waakzaamheid en tegenstand op. In moeilijkheden, arbeid en strijd, heeft de westerse mens zijn gezicht gekregen, door een nooit versagende inspanning werd het geboetseerd. Als hij zijn gezicht vermindert, zijn karakter laat veranderen, zijn ziel verzaakt, zal het uit tevredenheid met zich zelf en de hem omringende werkelijkheid zijn.

Een van de elementen die hem voor die ont-aarding kunnen behoeden is de poëzie. Wat de koortsmeter is om de temperatuur van een lichaam op te tekenen, is de dichtkunst voor de geestelijke gesteltenis van de mensheid. Een kroniek van de geschiedenis van haar ziel. Maar tegelijk ook meer dan dat, want zij is meteen een wekroep en dat even zeer door haar vormkracht als door haar mededeling. In die zin hebben Stefan George en Albert Verwey de poëzie als een goddelijke beginsel verheerlijkt. Zo moet ze ook blijven bestaan en de westerse mens helpen de uitdaging van de tijd te overwinnen. Die uitdaging is het gevolg van de moderne wetenschap en techniek, die hij wel zelf geschapen heeft, maar waarbij hij nog niet aangepast is. Zij verlost hem tot zelfmoord. Zij wil de natuur vernietigen door het zo voor te stellen alsof er tussen mensen en volkeren geen verschillen zouden bestaan en een gelijkheid naar onder bewerkstelligen door een nivellering van de persoonlijkheden en de vestiging van een wervelloos internationalisme.

Als nuchter denkende mensen hoeven wij in de oneindige kompleksiteit van het leven de betekenis van de poëzie niet te overschatten om ons van haar belang te laten overtuigen. Ongetwijfeld zou het goed zijn als er meer poëziekeners en -minnaars waren dan nu. Maar dan zou de poëzie meer aan sommige vereisten moeten voldoen. Het individualisme dat sedert vijf eeuwen het westerse denken sterk beïnvloed heeft vermalde de inhoud van het begrip poëzie tot kort lyrisch gedicht. Het gevolg was een verarming. Want door die begripsverenging wordt de enkeling uit de gemeenschap afgezonderd, verliest zijn taal iets van haar algemeen-geldigheid en wordt ook de levensbeschouwing van dichter en poëzielezer beperkt. Vergeten wij niet dat de poëzie meer biedt dan een weerspiegeling van de tijdsgeest, aangezien zij ook het tijdsbeeld helpt vormen. De invloed van onze dichters op de Vlaamse Beweging is onmiskenbaar en uit de verte beschouwd geloven wij eveneens dat Marais en Leipoldt, Celliers en Totius niet alleen de opgang van het Afrikaanse volk gestuwd, maar het bovendien een weg gewezen hebben. Het is de taak van onze leidende

kringen en dus tegelijk van de overheid de bloei van een hoogstaande dichtkunst te bevorderen.

Moge het voor de leerkrachten een eer zijn dat het onderwijs, waarvan reeds zoveel gevraagd wordt, hiermede in verband een bijzondere opdracht kan vervullen. Wij denken niet aan enige verandering in de programma's, maar aan een betere methode bij het letterkundig onderricht. Het is verkeerd omwille van de historische volledigheid poëzie te lezen die met esthetische normen gemeten niet meer te redden is. In dat geval verkeerd, om slechts enkele namen te noemen, veel werk van Van Maerlant, Cats en Huygens, Bilderdijk en Da Costa. De cultuurhistorische en taal kundige waarde die het voor geleerden kan hebben, wordt daardoor niet in het gedrang gebracht. Jonge gemoederen die voor dichterlijke schoonheid ontvankelijk zijn zal het evenwel teleurstellen, omdat zij het, wat het ook is, vervelend zullen vinden. Wat dood hout is geworden, moeten wij kunnen opofferen. Het zal de programma's verlichten, de lessen levendiger en vruchtbaarder maken en voorkomen dat de meeste leerlingen in hun studiejaren een hekel aan de poëzie opdoen, die hen in hun later leven bij zal blijven. Waar literaire theorie, stijl leer, gedoceerd wordt, en op grond daarvan, zoals ook de kritiek in bladen en tijdschriften het doet, de betekenis van een bepaald werk wordt vastgelegd, lijkt het nodig veel enge opvattingen te verruimen. De schoonheid is niet aan een tijd, noch minder aan een genre of een stroming verbonden. Poëzie leren kennen en smaken is een ontdekkingsreis ondernemen door landen en eeuwen, vormen en wereldbeschouwingen. Iedere belangrijke dichter is een hernieuwer geweest, een revolutionair die het anders dan alle anderen zou doen, maar het opzettelijk eksperimenteren in groep, wat doorgaans op een afbouw van bestaande verworvenheden neerkomt, is dikwijls een uiting van onmacht en altijd van onvruchtbaar epigonisme. Het is wenselijk dat de verruiming van het begrip poëzie ook in de praktijk verder wordt doorgevoerd.

Weer heeft de beoefening van het lange, half verhalende en half lyrische gedicht tot merkwaardige suksessen geleid, zo in „Awater" van Nijhoff en „Een Voetreis naar Rome" door Aafjes. Zelfs de gedichtensymfonie, opgebouwd uit verschillende motieven en thema's die in één kernidee samenvloeien, heeft in „Ivoor en Brood" van Van Wilderode een verrassend mooie terugkeer gemaakt. Vijfendertig jaar geleden is Werumeus Buning met het schrijven van zijn heerlijke balladen begonnen met een eerherstel van de oude volkse genres in de poëzie. Door zijn voorbeeld en ook onder invloed van de nationaal-socialistische dichtkunst in Duitsland is toen een strekking ontstaan om de literatuur te populariseren. Veel is er na de oorlog niet van overgebleven. Waarom zou die richting nochtans moeten prijsgegeven blijven? Kunnen wij ons niet inbeelden dat het mogelijk moet zijn voor de sagen en legenden,

vertelsels en sprookjes, die wij als kind gehoord hebben een poëtische vorm te scheppen? In de jongste jaren is er wel, onder de naam luisterlied, een herleving van het volkse lied en de volkse romance gekomen. Eliot heeft bewezen dat het versdrama, zelfs in deze eeuw, een uitdrukkingmiddel blijft even geschikt als ooit om de botsing van menselijke karakters, dragers van een lotsbeschikking, zo uit te beelden, dat het meer dan een leesstuk wordt en ook in de schouwburg tot zijn recht komt. Wij hebben reeds dikwijls gelezen dat de tijd van het epos voorgoed voorbij is, omdat de gemeenschappelijke bezieling, het geloof in een ideaal, dat erachter ligt, niet meer zou bestaan. Wij twijfelen daaraan. Als de historische roman de plaats van het epos heeft ingenomen is het waarschijnlijk om veel praktischer redenen. Proza schrijft zoveel vlugger dan poëzie en waarborgt, het wordt niet kleinerend bedoeld, een groter materieel sukses. Maar wie zegt dat een heldendicht over de jongste wereldoorlog, de moderne wetenschap of de ruimtevaart, door een geniaal dichter geschreven, minder geslaagd zou moeten zijn dan Homeros' „Ilias" of de „Aeneïs" van Vergilius? Wat de mens eens heeft gekund, kan hij nog van het ogenblik af dat hij het wil. Zelfs blijkt het ons niet onmogelijk dat zo 'n dichtwerk even vlot als een roman verkocht zou worden, want de oplagen die de klassieke meesterstukken halen tonen een vrij grote belangstelling aan.

Een ontzaglijke betekenis voor de poëzie en de geest die van de poëzie uitstraalt heeft het taalgebruik. De dichter scheidt zijn taal, maar uit de woorden die hem ter beschikking staan. Onwillekeurig ondergaat hij, uitzonderingen niet te na gesproken, de invloed van de strekkingen die zich in het taalgebruik openbaren. Het Nederlands heeft altijd de neiging vertoont elders te ontleen wat het zelf reeds bezat. Die fout is in de jongste jaren weer erger geworden. Volstrekt overbodige Franse en Engelse bastaardwoorden overwoekeren de taal en zijn bezig ze een belachelijk internationaal schijntje te geven. Bij sommige publicisten is dat euvel zo treffend dat de gewone man niet meer begrijpt wat hij leest. Kon het maar, wat als regel wordt voorgehouden, dat het de sprekende gemeenschap is die de taal maakt! Vroeger moge dat waar geweest zijn, nu is het niet meer het geval, want de meeste mensen kennen onvoldoende de zaken waarover gesproken wordt, wetenschap, techniek, sport, politiek en kunst, om ze te kunnen noemen. Zij moeten de woorden aanvaarden die door een kleine groep ingewijden langs de pers, radio en televisie ingevoerd worden. Er bestaan commissies voor de vastlegging van de technische terminologie, er bestaat geen gezaghebbend lichaam dat door aan of af te raden vat heeft op de ontwikkeling van de alledaagse omgangstaal. Het zou er moeten komen.

De Nederlandse taalschat is zeker rijk genoeg en de mogelijkheden tot vorming van nieuwe woorden door samstelling en afleiding zijn praktisch onbegrensd. Degenen die denken

als ik, ze zijn talrijker dan men vermoedt, bewonderen in dat opzicht het Afrikaans, dat voor tal van nieuwe begrippen eigen mooie woorden heeft gevonden. Wij pleiten ervoor dat een gemengde Afrikaans- Nederlands- Vlaamse commissie geregeld over de verhouding van onze talen zou beraadslagen, zodat zij in plaats van uit elkander te groeien eerder elkander naderkomen waar het mogelijk is. Opdat wij het schriftbeeld van het Afrikaans beter zouden leren kennen en meer invloed van uw taal op het Nederlands in zou werken, lijkt het ons gewenst dat er in onze tijdschriften en bladen meer Afrikaanse bijdragen verschijnen. Moge dit tot uw dichters en prozaschrijvers een uitnodiging zijn om meer in België en Nederland te publiceren.

Omdat wij van het theoretische tot het praktische vlak afgedaald zijn, hebben wij de kern van ons betoog niet uit het oog verloren. In onze hedendaagse maatschappij zijn er, niet minder dan vroeger, enige geestelijke factoren die maken dat de westerse mens in de technische beschaving die hij opgebouwd heeft niet aan zielloos materialisme ten onder gaat. Niet aan zijn weelde, aan verzadiging, zelfvoldaanheid en scepticisme uit lafheid en luiheid. De voornaamste van die factoren is de godsdienst, minder belangrijk en toch onmisbaar is de poëzie. Wie ze zou willen afschaffen, zou niet kunnen beletten dat er toch geschreven en gelezen wordt. Er ligt in sommige mensen een nood aan poëzie, een behoefte aan schoonheid, die zich op de taal heeft gericht en onbewust langs de taal op het eigenste dat een volk bezit, zijn persoonlijkheid, zijn ziel, het waarmerk van een afzonderlijke zijnsvorm, onder de vele volkeren.

Er is geen poëzie zonder opheldering over het leven, zonder scheppende kracht die de wil tot binding en beheersing insluit. De leiders van een volk moeten aan de poëzie belang hechten, zorg dragen voor de zuiverheid en rijkdom van de taal en maken dat de onderwijsprogramma's zo opgevat worden dat voor de leerlingen de dichterlijke schoonheid een onmiskenbare waarde wordt. De uitzuivering van de smaak, door het bespreken van de nieuw verschenen verzenbundels, is een taak voor de kritiek die de jongeren moet aanmoedigen zonder hen te misleiden en over het werk van gevestigde dichters moet oordelen steunend op strenge maar rechtvaardige grondslagen.

Ons lijkt het ten slotte van belang dat het bewustzijn van een Dietse eenheid, ondanks moeilijkheden en ontgoochelingen, niet alleen als een vaag herinneringsbeeld bij een klein getal getrouwen zou bewaard blijven. Als het dat slechts is, zal het vervagen en verdwijnen. Wij zouden het liever zien verinnigen tot de vaste overtuiging dat begrip voor elkander en onderlinge samenwerking tussen Zuid-Afrika en de Nederlanden een begerenswaardig goed is, een noodzakelijkheid zelfs, willen wij ons handhaven in een eenwordende wereld, waar de staatssoevereiniteit onvermijdelijk zal beknot worden en zoveel

tegenstrijdige belangen voortdurend de zwaksten zullen bedreigen. Wij durven zelfs ter overweging geven of bewustzijn zonder wil tot handelen voldoende is en als uitstel van handelen niet kan neerkomen op een onherstelbaar verzuim in een bestel waar zoveel vlugger dan een halve eeuw geleden over de toekomst van volkeren en mensheid wordt beslist.

Tot wat slot een beschouwing over de poëzie kan leiden! Maar is niet alles met alles verbonden en niet dát het kenmerk van de westerse mens, dat hij niet kan en niet wil berusten, omdat hij er door zijn aard en kultuur toe verplicht wordt steeds naar het betere, naar de uiteindelijke voltooiing van zich zelf en de hele schepping te streven?

KORT KORTVERHAAL

Dit is van alle kortverhalen 't kortst verhaal:
zij pakten een pot en schiepen schandaal
en het wordt aan de verbeelding overgelaten
of het studenten waren, matrozen of soldaten.

AANPASSING

In een kroeg had een Kaaskop heel verstandig,
met veel wijsheid en ook handig
bewezen hoe ze het in Holland beter deden.
Maar de Boer was niet tevreden.

De vuisten kwamen in 't debat,
maar een Vlaming die daar zat
was ook verstandig want hij zweeg
en dronk des Boers en Kaaskops glazen leeg.

FABEL ZONDER MORAAAL

Zonder mij zou er geen nat
zijn, zei het water
tot de kater.
Zonder mij zou er geen kat
zijn, zei de dronken kater.
Toen viel de kater
in het water
en werden beiden nat
maar vooral de kater.
En het water kreeg
een kater.
Maar de kater kreeg
geen kat.
Het water was daarvoor
te nat.

DANS VAN DIE SON

As die oggend die grys duif
gaan sit op die dak
 spoel ek my 'n sysie in die visdam
 rigmas ek my 'n muisvoël
 aan die wimpers van die tamarisk
luister ek hoe die rooivink
 blòm aan die skewe riete
 en hy siteer
 sonder bybel
 die lied van 'n kardinaal
 in elke taal
om-kyk om-kyk
gooi die dag haar serp oor my skouers
èn 'n strooisel voëls:
die bome tou staan-staan langs strate
maar met die aand
swart monnik met die maan om sy vinger
vlug ek agter die mankende riete
nestel in die skadu
 van 'n hartseer
maak vir my 'n rok uit die trane van mense
(kýk môre hoe dit blink!)
soom dit rooi met
 'n hiroshima
 en wag
vir die grys duif
 sonder olyfblaar.

DIE ONTOLOGIE VAN AFRIKANERSKAP

Wanneer daar diep vrae oor die wese van Afrikanerskap gestel word, is die geskiedenis ons vernaamste vraagbaak.

Toevallig het ons vaderlandse geskiedenis 'n volmaakte steekproef gemaak deur 'n groep Afrikaners die Dorslandtrek-eksperiment te laat uitvoer, hulle in Angola te isoleer en hulle kultuur daar lewendig te fossileer. Vir 'n half-eeu het omstandighede dus 'n volledige brokstuk van ons nasie en sy volksiel daar bewaar, om aan 'n jonger geslag 'n lewende monster in 'n natuurlike laboratorium te voorsien.

Die Dorslandtrekkers was tipiese Voortrekkers en dit moet aanvaar word dat die voorgeslag van ons hele nasie min of meer soos hulle was; dat ons almal die Afrikanerskap waarop ons so trots is en wat ons so jaloers bewaar, aan sulke aartsvaders dank.

Wanneer daar dus in verband met die ontologie van Afrikanerskap spesifiek van Dorslandtrekkerstradisies as ontledingsgegewene gebruik gemaak word, word hulle as aartstipiese Afrikaners voorgestel, en word veronderstel dat daar geen radikale, strydige andersheid aan hulle skeel nie; ook dat daardie voorgeslag se nageslag — u en ek — vandag nog in kern so is soos hulle ons gebaar het.

Aartstipiese Afrikaners

Dis 'n feit dat onder die gemeenskap van die Dorslandtrekkers en hulle nageslag, die Angola-Boere, geen noemenswaardige wangedrag soos bedrog, korrupsie, egskeiding, bloedvermenging, ontug, roof, verraad, selfmoord, anglisisme, ongeletterdheid, kindermishandeling, onbetaalde skuld, of ander vorm van ontarding voorgekom het nie.

Hierdie sedelike rekord is opgestel in woestyne en woestenyne waar geen predikant of geregsdienaar beheer uitgeoefen het nie, en waar die enkeling of enkele gesin maande lank tussen woude, wildediere en barbare beweeg het.

Dat duisende siele duisende versoekings 'n halfeeu lank kon weerstaan, kan nie oppervlakkig verklaar word nie. Dis nie bloot omdat hulle Calviniste was, of 'n Hugenote-tradisie gehandhaaf het nie. Hierdie mense se sedelike bewustheid was met hulle eie self vereenselwig; sodat hulle nie anders kon of wou wees nie.

Om immoreel te handel was by hulle nie net in stryd met godsdiens of tradisie nie, maar in stryd met die bestaan — die lewe. 'n Eerbare dood sou vir hulle oneindig meer aanvaar-

baar wees as 'n immorele lewe. Vir hulle was lewe, bestaan, of syn soos ontloë dit noem, ipso facto moreelleef, moreelwees of moreelsyn. Dit was vir hulle die enigste onderskeid tussen mens en dier, m.a.w. dit was die siel van die mens.

Die biologiese dood was vir hulle 'n tydelike of tydaardige skyndood; maar immoraliteit (sonde of misdaad) was vir hulle die reële dood self; want dit alleen kán die ware wese van 'n morele self vernietig. Paulus praat dan ook van:

Julle . . . wat dood was deur die misdade en die sondes.

Die tweede aspek van die historiese prestasie is dat hulle — hoewel die mylbakens van hulle trekpad deur dorsland, hoogland en moerasland die grafte van hulle dierbares was — nooit deur teenspoed, smart en ellende oorreed kon word om om te draai nie, om moed op te gee en te hensop nie.

'n Derde aspek is die inspanning en toewyding waarmee hulle Angola help beskaaf het. Hierdie mense het 'n onoor-trefflike skeppingsdrang openbaar. Een van hulle wat buitengewoon sterk en knaphandig was het byv. van plek tot plek getrek, plase aangelê, sy plase verkoop of present vir sy kinders gegee en weer ander gaan opwerk. Om die nodige geld te verdien, het hy nie net transport gery nie, maar spoorwegbrûe gemessel. Anders as Simson, het hierdie Angoolse reus nooit 'n lewe geneem of 'n ding verdelg nie; hy het net waardes eerbiedig en bates geskep — vir ander om te benut, terwyl hy self die skeppingstaak geniet.

'n Vierde aspek was die buitengewoon hoë waarde wat hulle geheg het aan die uitspraak: *Die een wat sonder sonde is laat hy die eerste klip gooi.* Dit verwys terug na 'n sterk-ontwikkelde, selfondersoekende eie gewete. So 'n gewete, en nie net 'n sterk wilskrag nie, was 'n essensiële vereiste vir die selfdisipline wat die mense so skitterend gekenmerk het; want as 'n mens homself nie deurgrondig ken nie, hoe sal hy weet om homself te beheer?

'n Vyfde aspek was hulle oortuiging dat iemand wat oneties of onwettig handel sy menslikheid aflê en daardeur sy bestaansreg verbeur. Dié beskouing kon dus dien as 'n motief vir die idee van kerklike sensuur en wêreldlike straf.

Nie een van hulle is ooit gevonnissenie, maar die Bybel en die geskiedenis was vol voorbeelde van regverdige en onregverdige strawwe en bestrawwinge waarvan hulle intens bewus was. Onder tallose voorbeelde was daar die dood van Saul, Agap, Johannes die Doper en Johannes Hus waaroor elkeen 'n opinie moes vorm.

'n Sesde aspek was dat, alhoewel hulle geen staatskole gehad het nie, en daar met behulp van privaat Boereskooltjies geworstel moes word om die kinders op te voed, was daardie opvoeding streng eties — 'n geweldige kontras met die sekulêre staatskole van die destyds dekadente Portugal.

Nou ontstaan die ontologiese vraag: Waar het hierdie

Afrikaners die metafisiese moed gekry wat tot sulke stoflike en geestelike daadkrag kon besiel? Hoekom het hulle nie op Moeder-verloer se Vlakte gaan dwaal en dool nie; die absurditeit van hulle klein halfeutjie ingesien en wanhopig, verward, verwyfeld en gefrustreerd tou opgegooi nie?

Vitaliteit

Soos die Groot Trek en die Vryheidsoorloë, was die Dorslandtrek 'n waagstuk — gevaarlik, hard, smartvol — wat uiteraard nie deur minderwaardiges deurgevoer sou kon word nie. Daar was 'n klompie uitgelese leiersfamilies, atleties en intelligent. Hulle gemeenskap was, hoewel demokraties van vorm, aristokraties van gees. Hulle biologiese erfmasa, versterk deur 'n ryk kulturele erfenis, het hulle die spierkrag en geeskrag besorg wat hulle kon bekwaam om koers te hou en om getrou aan hulleself en aan hulle ras, hulle self uit te leef. Hulle was gesonde geeste in gesonde liggame.

Hulle godsdiens was streng gereformeer, maar hulle etiese gedrag is nie aan kerklike invloed alléén te wyte nie. Hulle sedelikheid was 'n spontane element van wilskrag, doelgerigtheid en edelmoedigheid wat outomaties voor uitdagings ontpop het.

Daar was egter wisselwerking tussen hulle godsdienssinnelike en hulle verantwoordelike besef. Die oomblik wat hulle oorspronklike leier Greyling, hulle in die dorsramp gestort het was elkeen op eie oordeel, krag en verstand aangewys. Verstrooide groepies was meteens geïsoleerd; van alle lewensbronne en hulpmiddele, idees en gelowe afgesonder, nes pasgebore kinders.

Net een naelstring het gehou gebly: hulle vrye, individuele konsepsie van God of die Groot Goedheid.

Die woestyn was vir hulle tegelyk 'n Genesis-dag en 'n Oordeelsdag — waar die natuurlike, egter, onvervalste mens wedergebore kon word; waar dogmas, aanwensels en voorwensels soos was in die son smelt.

Roeping en strewe

Wat ook die Dorslander se versoening met sy lot of noodlot en met die eksistensiële onbenulligheid van alle menswees vergemaklik het, was die roeping as beskawingskepper. Hy het nie net 'n deel van Afrika help tem en lewens daarvoor geoffer nie, maar ook 'n fisiese en psigiese heelalietjie vir homself geskep. Hy het die milieu waarin hy adem by hóm aangepas, wyl swakker mense hulleself by hulle omstandighede aanpas.

Die klag van Nietzsche se wysbegeerte is dat God dood is en dat die leë afgrond wat Hy deur 'n blinde sameloop van omstandighede geskape het, die mens met wesensvrees of bestaansangsvalligheid verskrik, wat hom in wanhoop dompel, welke wanhoop hy alleen kan oortref deur 'n oppermens te

word. Die Dorslandtrekker daarenteë het nie net geglo dat God leef nie, hy het vanself geleef en sy sterk lewensdrang as aktiewe en nergieke mens het voor geen sysangs of vertwyfelingsdwang gswig nie. Moreelbewus, kon hy nie angsbewus wees nie, want niks kan tegelyk warm en koud wees nie.

'n Mens wat volslae geloofsvertroue het, besit ook selfvertroue en vertroue kan nie wanhoop nie — net soos 'n satelliet nie kan stilstaan nie.

Die Dorslandtrekker het iets gehad om na te streef, naamlik, *iets wat ons eighe is*, soos W. A. de Klerk dit nagevors het. Met *ie* is baie meer as eiendomsgrond, privaat Boereskooltjies, 'n Protestantse geloof, of 'n Boererepubliekie binne in 'n Portugese monargie beoog. Daardie *ie* was die geheime wapen waardeur die mens se essensiële natuur tot sinvolle ontplooiing kom. Hierdie *ie* wou en sou hy self skep. Daarvoor sou hy werk, stry en desnoods sterf.

Morele Atavisme

Die Voortrekkers word dikwels ons stoere voorgeslag genoem, sonder dat besef word dat die woord *stoer* 'n heidense lewensbeskouing impliseer. In dieselfde asem word dan veronderstel dat hulle deur 'n Christelike godsdienssin onderskei word. Ons voorouers moes dus heidense, d.w.s. algemeenmenslike, sowel as Christelike karaktertrekke in hulle geestelike samestelling verenig het. Die woord *stoer* beteken normaalweg taai, maar tegnies omskryf dit die morele moed om wanhoopsontoording deur dappere aanvaarding van die uitdaging te oorwen, soos Sokrates sy doodvonnis aanvaar het.

Hulle was enersyds angslose heidene soos Sokrates, andersyds vreeslose Christene, soos die Hugenote wat op die brandstapels kon uitroep: *Dood, waar is jou prikkel; Hel, waar is jou seëpraal?*

Mensbeskouing as Lewensbeskouing

Wanneer iemand angsvallig vrees dat sy *ie* self (sy dieper syn, wese of bestaan) deur nietighede vernietig sal word en sy syn tot nie-syn sal keer, soos die liggaam tot stof wanneer die kluit op sy kis klap; wanneer hy verskrik maak deur die noodlot van toevallighede en gebrek aan selfbeskikkingsmag wat hom geen keuse gelaat het uit wie, waar en wanneer hy gebore sou word nie, of deur wie of wat hy sal sterf nie, of watter taal sy moeder toevallig sou praat nie, of in welke kerk hy gedoop sou word nie; wanneer hy deur sulke relatiewe magteloosheid in hoop-armoede verval en hy slim planne moet beraam om sy *ie* sinloosheid te oorwen, dan handel hy so omdat hy 'n gegewe idee van homself koester.

As iemand se mensbeskouing dan so is dat dit hom laat glo dat sy *ie* persoonlikheid van pampoens gemaak is, sal hy natuurlik angsvallig ontologiese vrees ontwikkel dat die

pampoen sal vrot en so die verydeling van die nie-syn ten prooi sal val. Vir hom of haar sal die enigste redding dan wees om te versleg en letterlk of figuurlik selfmoord te pleeg. As iemand egter glo dat sy siel uit graniet gehou is, en hy gedra hom dienoooreenkomstig soos 'n morele rots, sal hy nie neuroties, sielsiek, *selfvervreemd* en eroties-verdwaas vrees dat sy self sal verweer nie, en gevolglik sal hy geen sodanige skuldgevoel hoef te konfronteer nie, al verloor hy ook die bestaanstryd teen oormag.

Die tipiese Afrikaner het homself — die mens — as 'n morele wese beskou. Hy wás dit in praktyk ook wel gewees. Die dood kan moreelwees, met al die onsin van die AI, nie uitwis nie. Dit lê buitekant tyd en ruimte en ook bokant bloed en slyk. Om in die ontologiese sin te kon sterf, om sy egte en opregte syn deur nie-syn bedreig te kan voel, sou die Dorslandtrekker eers nie-moreel (immoreel of moreel-neutraal) moes word. Dit wou en sou hy nooit doen nie. Hy wou en sou homself bly — aan sy onvernietigbare sedelike wesensaard gehoorsaam wees.

Deur trou aan homself, sou hy outomaties trou aan sy volk, sy taal, godsdiens en aan sy politieke tradisies wees; want hierdie dinge het hom gehelp vorm gehad. Deur sy onvolmaaktheid moes hy hom soms skaam vir iets leliks wat hy begaan het, maar uiteraard sou hy nooit vir sy Afrikanerskap skaam wees nie. Daarop kon hy net trots wees, en hierdie trots het hom menige swakheid help weerstaan.

Hieruit volg dat die Afrikaner sy moed en uithouvermoë uit sy etiese bewustheid geput het. In ons volk se sedelikheid lê sy potensiële bestaansvermoë. Daaruit spruit immers sy liefde vir vryheid, sy strewe na waarheid, sy sin vir reg en geregtigheid. Daarsonder sal hy blitssnel ondergaan. En hy wil nie ondergaan nie! Waarom sou hy? Slegs half mal mense, net dekadente volke gee sommer oor.

Dis baie keer al gesê dat die Afrikaner sy kerk moet bewaar, sy geloof moet behou, of anders, verdwyn. Die segsmanne wis egter nie juis altyd wáárom dit so ns nie. Die volk se godsdienssin is eintlik sy etiese wesensaard. Dis die Christelike etiek, in so verre dit saamvloei met de volk se aangebore of ingeskape sedelikeidsdrang, wat die nasie gebou het en in die toekoms kan behou.

Ons volk móet noodgedwonge sy sedelikheid, wat onontbeerlik vir sy geestelike lewe is en waarsonder hy om koudwetenskaplike redes ook geen gesonde biologiese lewe kan handhaaf nie, en homself ook nie internasionaal kan laat geld nie, behou.

Die politiek, die dogmatiek en die esteties sal steeds aan hierdie grondpilaar, die fondament van nasionale lewe, ondergeskik móet bly. Anders sal daar in die toekoms geen

Afrikanerskap meer wees nie, en waar dit nie is nie, geen blanke ras nie, of taal en kultuur nie.

Godsdiens en Sedelikheid

Vir iemand wat streng logies vanaf 'n gegewe dogmatiese voorveronderstelling redeneer, is godsdiens nie noodwendig identies of sinoniem met sedelikheid nie, of daaraan gebonde of verbonde nie. Ons weet ook dat vorm- en skyn-godsdiens absoluut gedrogtelik kan word. Die geskiedenis wemel van voorbeelde.

Die tipiese Afrikaner was en is egter outestamenties. En die kern van die Ou Testament is die Tien Gebooie wat onmiskenbaar eties is. Hierdie oerwet word nog steeds elke Sondagmôre in die kerk net voor die Geloofsbelydenis gelees. Die eerste dokument is 'n gedragskode, die tweede 'n geloofskode; maar altwee word saam erken en die tweede word as die vervulling van die eerste beskou.

Buite die kerk word dieselfde gebooie in ons regstelsel geïnkorporeer, en dit maak weinig verskil of 'n mens glo dat hulle met die vinger van God op twee kliptafels geskryf was, of deur koning Akenaton se regsadviseurs gekodifiseer is. Hulle is en bly juridies en eties wet, ook waar die arm van die gereg nie altyd kan bykom nie, naamlik, diep in die gewete van elke eerlike mens.

Voor Luther en Calvin was die eerste Hervormers konsekwente moraliste wat teen die R.-K. kerk in opstand gekom het, nie so groot omdat dit in hulle oë 'n dwaalleer verkondig nie, maar omdat dit in onsedelikheid verval het. Hulle het hoofsaaklik teen die geestelikes se geldsug en onkuisheid geprotesteer, net soos Christus teen die Fariseërs se huigelary.

Ons volk is nog steeds Protestants, nie net in die leerstellige sin van Calvin nie, maar ook in die etiese sin waarvoor Hus op die brandstapel gesterf het. Dis op hierdie gebied waar kerklike en onkerklike Afrikaners dit eens is.

Dis gesê dat daar geen polisieman oor die Angola-Boer geheers het nie; dat sy gewete sy enigste regter en rigsgoer was. Daardie gewete was grotendeels deur die Tien Gebooie onderskraag. Waar hy wette en gewoontes geskep het was dit in harmonie met hierdie grondwet wat lui: Jy mag nie oneer aandoen nie, moor nie, steel nie, lieg nie, egbreek nie, of jou medemens op 'n ander manier veronreg nie. Jy moet God bo alles en jou naaste soos jou self lief hê.

So lank as godsdiens en sedelikheid soos 'n Siamese tweeling vir ons volk verstrengel bly, sal ons nasie sy kerk nie sonder meer kan verloor nie. Dis slegs uitsonderlik sterke, geniale enkelinge wat daarsonder sal kan slaag — uitsonderlinge wat verstandelik so hoog ontwikkel is om selfstandig op eie geestesvoete te kan staatmaak. Dan bestaan nog die waar-

skynlikheid dat daardie voete onsigbaar op die volk of die mensdom se skouers staan.

Uit 'n wetenskaplike standpunt is daar op die oomblik geen organisasie, inrigting, instelling, ideologie of ander bolwerk wat die Christelike etiek, soos alledaags toegepas, kan vervang nie. Dit dat die Westerse Beskawing geen liggaam, orde of maatstaf (behalwe wetlike dwang) besit nie, en gevolglik sy moraal saam met sy geloof afsterf, is die hooforsaak van Europa se agteruitgang.

Vir leemtes is almal kopsku. Onvervulde geestelike behoeftes lei tot frustrasie en dit weer tot nihilisme, wat op sy beurt op chaos en daarvandaan op kommunisme uitloop, wat op sy beurt die giftige kringloop voltooi deur 'n valse mite te versin, en die mens sy vryheid te ontnem.

Wat geskoolde of gebore denkers moontlik vind, kan nie van volksmassas verwag word nie. Leke het simbole, gebooie, gesag, ideale, tradisies, en eenvoudige denkbeelde as praktiese vasskopplekke vir hulle geloofsvertroue, of bestaansmoed, nodig. Slegs oppermense en vals fantaste kan iets aan niets koppel; kan die heelal afsweer omdat hulle dit sinloos bevind.

Heiligheidsin

Dis soms beweer dat gebooie, gesag, ideale en tradisies op primitiewe gelowe geaseer is. Die primitiewe mens sou by gebrek aan wetenskaplike feitekennis 'n mitologiese of teologiese verklaring vir die raaisels van die al geprakseer het, wat sy wêreld- en lewensbeskouing 'n onrealistiese simbolisme sou maak.

Laat dit argumentshalwe so aanvaar wees.

Nogtans desnieteenstaande het dié simbolisme die Weste sy grootste geestesskatte besorg. Een van die ontsaglike bates is die heiligagting of heiligheidsin van ons voorgeslagte.

Nie alleen God en die Heilige Skrif was heilig nie, maar ook ander dinge. Gevolglik was dié dinge met eerbied bejeën. Sekere sake mog net in 'n fluisterstem bespreek word, en oor baie moes die mens sy mond sluit, asof hy in 'n kerkgebou woon. Dikwels was die gewelf van die sterrehemele letterlik 'n heilige koepel, 'n al-tempel, waarin die mens oral en altyd in goddelike teenwoordigheid verkeer.

Die mens se lewe was ook heilig, daarom mog hy nie gedood of veronreg word nie. Die liggaam was 'n tempel; dus mog dit nie verontrein, of verslaaf word nie, en mog die geslagslewe nie soos sterk drank vir vrugtelose wellusvraatsug misbruik en besoedel word nie. Ou mense moes met spontane ontsag gehoorsaam word. Kindertjies moes met tere liefde versorg en opgevoed word, want aan hulle sou die koninkryk van die hemele behoort.

Die heiligheidsin het nog breër afmetings aangeneem, om ook die natuur in te sluit. So, byvoorbeeld, mog 'n dier nie

mishandel word nie. Die houding van die Dorslandtrekkers teenoor hulle beroemde swart bediendes, die Makvolk, en hulle verhouding met die kleurlingleier Jordan, is klassiek. Dis 'n spesifieke voorbeeld van heiligagting ook vir mense van ander stande en ander rasse.

Dit het nóg verder gereik en selfs plante en klippe is met eerbied benut. Daar was geen verkwisting van natuurlike bronne soos timmerhout, wildsvleis of selfs potklei nie. Ewe opmerklik is die sobere spaarsin waarmee besittinkies soos klere, gereedskap, boeke en kleinigheidjies soos papier en griffies gehanteer was.

Hierdie gedrag staan in skrilte kontras met die eksploitasie-roekeloosheid van die kommersialisme en die kinderverslawende industrialisme van die neëntiende eeu.

Hierdie heiligheidsin is nog nie uitgesterf nie. Vir baie Afrikaners is die nagedagtenis van volksleiers soos pres. Kruger en genl. Hertzog nog heilig. In die verlede was ook die Hertzogprys heilig en mog dit nie vir vulgêre verkoopstegniek uitgebuit word nie.

Wie dit tasbaar wil beproef kan gerus die Vrouemonument besoek en sy eie gemoed daar ondersoek.

Vir party is die motief vir die heiligheidsin God en die Woord; maar vir party lê daar 'n oeroorsaak verder agter toe in natuurlike eerbied vir die lewe self. Eerbied vir die lewe, heiligagting vir die grondbeginsels wat dit waardig en gesond hou, is die enigste manier waarop 'n enkeling of 'n volk homself duskant die graf kan verwesenlik. Banaal gestel, kan die heiligheidsin dus getipeer word as 'n gesublimeerde instink van selfbehoud, binne die ras- of volksverband.

So opgevat is die mistieke simbolisme, die primitiewe geloof, die nasionale tradisie, selfs de bygeloof, 'n middel tot 'n skone doel, en pas die onsterflike liefde tussen man en vrou en die moederliefde wat haar lewe vir haar kroos gee, as middel tot die doel van voortplanting, sinvol in die raamwerk van die kosmos in.

Geldige kritiek op so 'n lewenshouding kan nie blote verwerping wees nie, maar konstruktiewe skepping van 'n alternatief. Die meeste verwerpers staan egter sonder alternatief, met leë hande en leë harte voor hierdie heiligdomme

Slotsomme

Daar bestaan geen twyfel oor die uitnemendheid van die Afrikaner se moed om te leef nie. Geen nasie het ooit groter lyding deurgestaan as óns volk gedurende die tweede vryheidsoorlog nie. Man, vrou en kind was onvoorwaardelik bereid om sy of haar diens of lewe te offer. Soveel duisende het daarvoor gesterf dat die nasie amper uitgeroei was.

Waarom is die lyding verduur? Omdat ons ras wou leef, ons volk wou voortbestaan. Om dié lewenswil uit te voer het die

volk die fisiese krag en die psigiese aanleg gehad; ook die wysheid om moed te hou en om vreugde en geluk daarin te vind.

Getrou het vader aan seun en moeder aan dogter die lewensfakkel oorhandig wat ons oervoorouers al duisende jare aan een, van minuut tot minuut aan 't lewe gehou het. As net een skakel in die ketting van duisend geslagte gefaal het, sou u en ek nie gebore gewees het nie.

Waarom? Waarvoor? Waarheen? kom die vrae maar weer. Was die onafhanklikheid die offers werd? Ja, want die stryd was oral en altoos 'n lewensstryd verwant aan dié wat teen honger, koue, siekte, roofdiere en barbare geveg is. Die vryheid was 'n voorwaarde vir die lewe as harmoniese heelheid.

'In hoe verre die mens doelbewus na lewe streef en in hoe verre dit onderbewuste instink is, maak geen verskil nie. Dit bly die oerdryfveer. Selfs mense wat arm of kreupel is leef nog sielsgraag.

Vryheid, taal, reg, kultuur en wetenskap se waarde lê dus daarin dat hulle middele tot 'n volkomener en vollediger lewe is. Godsdienste streef nog 'n sport hoër, na die ewige lewe. As middele dien verder geluk, deug, liefde, skoonheid en waarheid.

Dit maak ook geen verskil of die Skepper die lewe in ons neusgate geblaas het en of 'n toeval van biochemiese omstandighede dit laat ontstaan het nie; die hoofteit is dat al wat leef graag wil leef. Gevolglik sal 'n volk steeds vashou aan beskouings en lewenswyses wat in die verlede geslaagd was.

Die meeste waardes wat 'n volk deur hierdie proses van seleksie versamel is oor en oor getoets, op verskeie plekke in verskillende tydperke. Die wiskundige kans dat sulke waardes hulle waarde sal verloor is gering.

Enigeenwat skielik voor doodsgevaar gestaan het weet hoe vinnig en drasties liggaam en gees by nuwe situasies aanpas. Die aanpassing is egter meesal partikulier, selde prinsipiël. Negentig persent van die moderne tyd se veranderinge is heel oppervlakkig. Vandag se ruimtetuig is nog 'n voertuig en relatief net so primitief as die seilskopies van Bartoloméus Dias.

Grondbeginsels en natuurwette bly in kern dieselfde. Om maar een voorbeeld te noem: gesonde sekslewe is in die twintigste eeu nog net so belangrik as in die eerste eeu van die Joodse jaartelling. Dis nie net geskik vir wit nasies wat wil voortbestaan nie, maar ook vir moderne enkelinge vir wie dit geluk en sukses meebring.

Daar is prinsipiël niks nuuts onder die son nie. Geen egte waarde of waarheid verouder in tienmiljoen jaar nne. Dié dinge wat wel verouder was uit die staanspoor vals. Die ware geleerde, die betroubare kritikus, moet kan onderskei tussen waarheid en leuen, kunswerk en prul, nie tussen oud en nuut nie.

In die verlede het die nasie dikwels voor verleiding en mis-

leiding gestaan. Daar was die gevaar om sy identiteit deur verbastering of verengelsing te verloor; om gedurende die vryheidsoorlog te hensop, en vandag om voor die liberalisme te swig; maar . . . konsekwent het die nasie geweier om homself te vernietig. Persoonlike en nasionale ontaarding is direk in stryd met Afrikanerskap.

Intussen het die nasie volgehou om te bou op sy geloof in God, of die Goeie, of die Waarheid, of die Skoonheid, of die Lewe, of die Alheelheid, soos dit die betrokke enkeling die beste voorgekom het. Dis almal Groothede wat uit 'n Afrikaneroogpunt buitekant en bokant menslike subjektiviteit uitstyg. Die Afrikaner weet nie net dat hy is nie, hy weet dat daar buite hom ook ander dinge eksisteer. Die twee wetes is ewe sterk; die een is die keersy van die ander soos die bokant en die onderkant van 'n hand. Dis nie net lewensbeskoulik so nie, maar ook wetenskaplik, want dit word in gevorderde wiskundige bewerkinge aanvaar.

Verantwoording

Min mense is so hiperkrities om te kan glo dat die heelal met al sy onmeetlike goedheid, rykdom en skoonheid 'n leë dop is; nog minder mense kan so korrek dink om nie 'n nul as antwoord op die uiteindelijke som te kry nie, maar baie Afrikaners kan hulle Afrikanerskap op ongekunstelde wyse uitleef en kerngesond bly hoop, glo en liefhê, dit is, metafisiese moed hou.

„Onkundig!” mag iemand uitroep. „Daar is meer as één soort Afrikanerskap!”

Wel, die skrywer het dié soort verantwoord waarin hy gebore is en wat hy met sy navorsing kon herbereik. Dit verhinder geen ander denker, digter, skrywer of wetenskaplike om onafhanklik en selfstandig 'n essay te publiseer oor 'n ander soort Afrikanerskap waarvan hy miskien bewus mag wees nie, of om dieselfde soort beter te rekonstrueer nie. Intendeel sou dit baie welkom wees; want dit gaan hier nie om wat die skrywer dink of glo nie, maar om wat die volk objektief was, is en wil wees.

Die hele omskrywing is nie noodwendig die skrywer se sinswyse nie, maar dis so wawyd oop gestel dat dit mense van 'n groot verskeidenheid godsdienstige en filosofiese oortuigings omarm. Daar word inderdaad min mense uitgesluit: net dié wat hetsy in werklikheid, hetsy in verdigsel op morele of politiese selfmoord afstuur.

Dat die stryd rondom die Sestigerbeweging die soeklig op Afrikanerskap gewerp het, maak 'n kort verwysing daarna verpligtend. Hier mag egter nie gekritiseer nie, net gekarakteriseer word:

Volgens nuusberigte en tydskrifartikels kan die vernaamste Sestigers Afrikaners wees. Die feit dat 'n man sy vrou onder-

hou, sy kinders opvoed en 'n beroep beoefen, dui daarop dat hy in die omgang aan landswette, die maatskaplike orde en die pantoffelregering voldoen. Daar is geen prima facie rede om hulle Afrikanerskap te betwyfel nie; maar dis 'n absoluut intieme, persoonlike saak, waaroor hulle self alleen mag beslis — 'n private heiligdom waarop ons nie mag oortree nie.

Dis egter radikaal anders met hulle romanfigure — karakters, karikature of draadpoppe van hulle gepubliseerde boeke. Hulle maak aanspraak daarop dat hulle deel van die Afrikaanse letterkunde is, wat openbare volkseïendom is. Hulle word bekroon met die Hertzogvolksprys wat vir die nasie heilig is. Dien ten gevolge mag enige leser 'n oordeel oor hulle vel.

En hier is dit séker dat die karakters, karikature of gewrogte géén Afrikanerskap besit nie. In werke soos *Mens Alleen* suggereer 'n vae atmosfeer dat die verhaal in Europa afspeel. Die figure kan Franse wees. Die *Silbersteins* is geen mense nie; dus kan hulle ook nie Franse wees nie.

Dat laasgenoemde 'n satire sou wees is net 'n strooihalm waarna akademiese drenkelinge gryp. Van *Don Quichote* is gesê dat Cervantes 'n lewende Spanjaard geskep het wat so groot is, indien nie groter nie, as die beste karakters van Shakespeare. Spotterny is so 'n populêre aktiviteit dat dit regtig nie nodig behoort te wees dat 'n akademie dit ontdek nie. Die *Silbersteins* maak die indruk van ernstige propaganda vir 'n doodgebore evangelie — *sonder humorsin*.

Die radekale verskil tussen die Afrikaanse letterkunde van vóór en ná 1960 is dat die ouer skrywers getrag het om karakters te beeld wat, indien nie Afrikaners nie, dan wel algemeenmenslik soos Saul, Simson, Germanicus, of lewende kleurlinge, skimme, aap-mense, leeus of bobbejane is. Alle ouer skrywers, Shakespeare bowenal, het uit die onbeperkte lewensrykdom van die hele mensdom geput, die Sestigters is tot hulle eie ideebron beperk.

'n Student het dit skertsend so gestel: Die ou skrywers beeld die mense en gebeure van 'n heelal wat God geskape het, die nuwes beeld die dinge van 'n heelal wat Sartre geskape het.

Tensy ons volk dus besig is om 'n rewolusie of 'n dekadensie te ondergaan wat hom totaal onherkenbaar sal hervorm, of ontvorm, kan voorspel word dat die Afrikaanse letterkunde na Afrikanerskap sal terugkeer.

DIE OU MAN STERWE

Die jare kom stil by hom ingestap
bedees hoed in die hand
. . . "kom net groet".

Maar net soos hyself
het hulle oud en maer
en vaag geword.

"Môre is Pa weer op die been"
En die jare wat kom groet?

Die kinders
wil nie groet nie
en tog is hulle bly dat hy gaan.

Die jare is hastig
. . . "toe, dis tyd om te groet"
en hy weet dat hulle hartseer is.

Op 'n manier
was hy nogal lief vir die jare
en daarom is hy weemoedig
hy wou nie graag âls
vergeet
tog, nou is daar geen ander uitweg nie
en die kinders is haastig
hulle het sy goed nodig.

"Totsiens," sê hy aan die jare
"Totsiens," sê die jare.

SURREALISME IN JAN RABIE SE EEN-EN-TWINTIG

Sommer aan die begin wil ek sê dat surrealisme 'n kuns is wat hom nie maklik laat ontleed nie; die surrealis stel hom ten doel om die onderbewussyn te registreer wat 'n nagmerriedroom is. *Dictionary of World Literature** stel dit so: „Surrealism aims to transcend the accepted limitations of reality to bring into literature material hitherto unused, the dream and the automatic associations, and to synthesize the experience of the conscious minds. The surrealist permits his work to organize itself non-logical, so that the pattern may approximate that of the unconscious itself.”

Persoonlik het ek nog geen kritiek oor die werk gelees waarin dié fynere trucs van Rabie se werk bespreek word nie. Die surrealistiese tegniek word gewoonlik afgemaak met woorde soos: *grillig, grusame beelde*, sonder meer. Onlangs het ek in die voetnoot van 'n student by *Gesprek onder 'n donker maan die volgende gelees: Surrealisties, geen motivering, situasie met mal mense*. (Ek haal ad verbum aan). Ek weet natuurlik nie of dit net 'n blote ingewing van die student self, of 'n notatjie van sy lektor is nie. In sekere mate het die student gelyk; hierdie stuk het met 'n neuropaat te make, maar seker nie met malmense nie. Hierdie anekdote haal ek slegs aan om te toon hoe *duister* die surrealistiese kuns vir 'n derdejaargestudent kan wees, en miskien ook vir die intellektualis. As mens darem nou nie die grondgedagte van 'n verhaal snap nie, is dit net so waardeloos soos 'n surrealistiese skildery wat mens ongeag verbystap omdat jy dit nie begryp nie.

Waar ek poog om die fynere trucs van Rabie se surrealisme te ontleed, besef ek dat ek op 'n gevaarlike terrein beweeg; ek kan maklik, soos die genoemde student, in die *diep, glansende duisternis* mistas. Hier gaan ek slegs voel-voel langs dinge wat die surrealistiese stukke in my onderbewussyn wakker geroep het, volgens Uys Krige se voorskrif. Vir my bespreking sonder ek drie stukke af, nl. *Drie kaalkoppe eet tesame, Skelle modder, Die man met die swaar been*.

In die stuk: *Drie kaalkoppe eet tesame* kry ons 'n surrealistiese uitbeelding van 'n werklikheidsverwringing soos ons dit op 'n surrealistiese skildery kan sien. Die stuk is vol spanningslyne en vlakke wat deurmekaar skuif waaruit die beeld opgetower moet word, dis 'n vermenging van aksie en droom. Die drie kaalkoppe sit om 'n tafel in 'n restaurant. Die ligte gloei op hulle kaalkoppe, metaalagtig en gepoleer wat mens laat

* Shipley, Joseph: *Dictionary of World Literature*, p. 403.

dink aan oopgekraakte eierdoppe. Met drillende monde en wange verorber hulle vraatsugtig die een na die ander dis tot groot vermaak van die kafee-gangers sodat hulle om die eters saamdring om alles noukeurig gade te slaan.

Terwyl hulle nog so gulsig met kwylende monde eet, gebeur die wonderbaarlike; dis juis hier waar die *drie*, soos dit in die titel staan, betrek word as 'n magiese getal. Sodra die nuwe dis voor hulle neergesit word, neem die inhoud daarvan menslike vorms aan: *arms, bene, borste van maagde en selfs 'n kinderhofie, rosig gekook*. Die omstanders hyg van walging, maar daaraan steur die drie kaalkoppe hulle nie; hulle monde maal maar voort soos meulens om die mensvlees te verslind. Die een kaalkop sien 'n jong, sagte meisie vir 'n hoender aan, steek sy vurk daarin en skeur haar lit vir lit stukkend.

Die tweede kap 'n man se boonste helfte af; die derde maak sy mond wyd oop om 'n vrou se hoof met een hap af te byt. Die kafee loop leeg in *afgryse*. Die hele episode ontaard nog in groter wonderbaarlikhede: die kaalkoppe kan naderhand nie die kos raaksien nie, weens hulle oë wat verdrink onder die bulte van hulle wange; hulle byt hulle eie vingers af. Uiteindelik bly daar van die drie kaalkoppe slegs drie kaal eierdoppe oor wat die kelner soos verrotte pampoendoppe in die vuilisbak gooi.

In die laaste sin keer die verhaal tot die realiteit terug: die kelner dek stilswyend die tafel vir die volgende dag, wanneer 'n voorval desgelyks hom heel waarskynlik gaan herhaal. So voltrek die verhaal hom min of meer in die restaurant: logies onwerklik, surrealisties bo-werklik. *Drie kaalkoppe eet tesame* is nie slegs 'n fantastiese verhaal sonder meer nie. Die surrealis wil op skokkende wyse 'n lewenswaarheid tuis bring. Hieruit spreek 'n fel aanklag teen die materialisme van ons eeu, nl. die materialis wat op die vettigheid van die land teer totdat sy oë daarvan uitpeul. Maar m.i. het dit nog 'n verdere implikasie: dit geld ook volkere wat ander probeer inpalm ten koste van menseleuens, soos die drie kaalkoppe mensvlees sonder walging verslind.

Watter wrange surrealistiese pensketsie kry ons nie in *Skelle Modder* nie? Dis 'n stuk vol lig- en skaduwee-effekte. Hierin gaan dit om 'n boggel uit 'n Franse strafkolonie wat in sy ontredde toestand in die grootstad menslike *warmte* kom soek. Hy is een van die uitgeworpenes wat in sy doodsangs teruggedryf word na die wêreld van sy medemens wat hom in sy roesemoes van geluksaligheid nie eens raaksien nie. Naby 'n kafee sak die bandiet in die modder neer; sy hoer word minder, die modder om sy hoof word oranje gevelek, aasvoëls begin om hom heenfladder, maar dit lyk of hulle eerbied betoon aan die mens wat nog nie heeltemal dood is nie. Weldra sak hulle op hom toe; lappe vlees word rondgestrooi, terwyl die kelner ewe op sy gemak emmers vol ys vir die kafeegangsters aandra. As die môre aanbreek, tree 'n verbyganger vieserig om die hopie

bene, loop dan ongeag verder terwyl die kafeeterras weer eens begin rank met eksotiese blomme. 'n Swaar-belaaide kar kom die straat af, huiwerend kyk die drywer na die hopie mensvlees terwyl die wiele diep spore daarin sny.

Skelle Modder is ook 'n verhaal onthef aan die reële, maar juis daardeur word die realiteit so sterk belig. Die surrealis se skoktaktiek van kontrasterende beelde word 'n aanklag teen ons Westerse beskawing wat so 'n hoë peil bereik het, maar vir die enkeling in sy vereensaming het die grootstad *seekatpootmonster* geword, die *cauchemar* of wakende nagmerrie waarvan Krige in sy Inleiding praat. Die twee Wêreldoorloë het die beskawing 'n groot stoot vorentoe gegee, maar vir die enkeling het dit slegs angs en skrik gebring.

Hierdie enkelwees van die menssyn kom telkens voor in Rabie se verhale, bv. in *Die man met die swaar been*. Dis die verhaal van Jean Thomas wat in Indo-China 'n chroniese siekte opgedoen het; gevolglik sieklik en byna gedurig in die hospitaal. Een aand sak hy neer in die Luksemburg-tuine, met die angroep *Medelye*. Soos motte vergader die nuuskieriges om hom, 'n ambulans word ontbied. Jean Thomas in sy doodsangs klou aan die been van 'n skraal man vas. As Thomas in die ambulans na die hospitaal vervoer is, ontbind die skare soos die speke van 'n wiel. Net die skraal man bly oor om verlaas die plek van die tragiese voorval te aanskou.

As hierdie skraal man langs Boulevard Saint-Michiel afdaal, begin sy linkervoet, waaraan die sterwende geklou het, te sleep. Dit het skielik swaar geword soos die plaveisel waarop hy staan. Verbygangers staar hom net aarselend aan, en stap dan verder. Nou eers besef hierdie skraal man hoe gevoelloos die mens teenoor sy medemens staan.

Hierdie verhaal wat nader aan die realiteit staan as die vorige twee het ook sy diepere implikasie. Die sterwende man het die gevoelloosheid van die skraal man in sy onderbewussyn aangeraak wat in die bewussyn gekonkretiseer word in die lam been. Hier word die verantwoordeliksheidsgevoel van een mens simbool van die hele ongevoelige samelewing.

Die kernprobleem van die surrealis is dat hy hom losmaak van die tradisievaste mens, maar in sy ontredderde toestand na hom terugkeer om hulp te soek. Dis aan hierdie nihilisme te wyte dat so baie in hulle bestaan ondergaan.

Ten slotte: ek wil met hierdie bespreking geensins beweer dat Een-en-Twintig groot kuns is nie; daarvoor is baie van die verhale nog te ooglopend eksperimenteer-kuns, bv. *Gesprek onder 'n donker maan* is allergies aan oorlading wat dit onnodig *duister* maak. Van die ander stukke kon Rabie maar gerus Moeder koei agterweë gelaat het; behalwe dat die hele verhaal onoortuigend is, is dit banaal en souteloos. Aan die ander kant is hierdie verhale belowend. Jan Rabie het 'n vernuwing in ons prosakuns gebring, en ek beskou hom as een van die voorlopers van ons moderne kortverhaalkuns.

DIE GENESER

Met daardie krag wat aan hom gegee is om net eenmaal in 'n duisend jaar 'n wonderwerk te verrig, het hy ontwaak en in die stad uitgegaan. Daar was baie mense en baie dinge, maar niks was meer nuut vir sy oog nie.

Op die markplein het hy 'n kreupele sien sit wat om aalmoese smeek — 'n man sonder hande.

“Wat sou jy maak,” het hy aan die bedelaar gevra, “indien jy hande gehad het? Sou jy gewerk het?”

“Ek sou hulle gevou het om te bid.

Ek sou uit die klip van die aarde die gestaltes van mense en diere gekerf het.

Van die klei van die aarde sou ek verf gemaak het en gesigte geskilder het.

Ek sou 'n harp bespeel het.

Ek sou op perkament geskryf het hoe blink die son is, hoe wyd die hemel, hoe groen die bome en hoe diep die see.

Ek sou die koppe van honde gestreel het.

Ek sou skulpe opgetel het langs die see.”

Toe het daar 'n groot geweeklaag uit die strate en ook van die plein opgegaan, en die volk het hul klere geskeur.

“Wat het gebeur?” het die geneser aan 'n wenende vrou gevra.

“Ons owerste is dood,” het sy gesê, “en wie is daar onder die volk wat ooit weer sy plek kan neem? Hierdie stad het hy vir ons gebou nadat al ons vyande deur sy hand verslaan is. Hy het die handel laat bloei sodat ons vandag die sterkste volk op aarde is. Hy het vir ons tempels gebou en beelde van al die heiliges daarin geplaas sodat ons kan aanbid. Hy het streng sedewette gemaak sodat ons nooit sal struikel nie, en die aarde het hy vir ons bewerk sodat die oeste groot is en die opbrengs ryk. Voorwaar, hy het vir ons skure gebou en hulle vol gemaak met goeie dinge, en hy het met wysheid regeer. Sonder hom sal ons nie kan bestaan nie.”

Toe het die geneser hom omgedraai na die man met die verkrimpte hande, en gesê:

“Laat jou vingers soepel word, en laat daar krag in hulle kom.”

Die man het sy hande beweeg, en dadelik het hy hulle saamgevou om te bid. En die wat daar naby gestaan het, het dit gesien en by die geneser gesmeek en gesê:

“Ons kan sien dat u 'n heilige van God is. Gaan asseblief

saam na die baar van ons owerste, want hy is dood. Wek hom vir ons op sodat hy kan lewe, want sonder hom sal ons volk sekerlik sterwe."

Maar die geneser het geantwoord en gesê: "Voorwaar is ek nie 'n god of 'n heilige nie, en die genade is aan my gegee om slegs eenmaal in 'n duisend jaar 'n werk soos hierdie te verrig."

En hy het bedroef van hulle af weggegaan.

STACCATO'S

Voor my op die sypaadjie het iemand gestaan wat ek ken — nie juis 'n vriend nie; miskien is dit net die „eienaardige” in ons persoonlikhede wat ons na mekaar aantrek. Hy sien my nie, want hy staan en kyk na wit tulpe in die venster van 'n blommewinkel. Toe ek onverwags en sag aan sy arm vat, skrik hy op en die verleë glimlag daarna amuseer 'n verbyganger. Ons groet, vra hoe dit gaan en stap saam tot waar die kruisstraat voorbestem is om ons te verdeel.

„Hoe gaan dit met die skilderwerk?” vra hy meteens.

„So-so,” antwoord ek.

„Of eksperimenteer jy nog steeds?”

Onmiddellik voel ek gekrenk en ergerlik, en tog onseker oor wat hy werklik bedoel het. Is hy dalk skepties oor my vermoë om te verf? (soos ek wanneer ek alleen is).

„In my geval hou 'n man seker maar aan eksperimenteer, of hoe?” antwoord ek hom versigtig terwyl 'n lammigheid van my knieë na my maag opkruip.

„Ja, ja, dit is so,” sê hy en toe is ons by die hoek en neem ons afskeid. Ons „ken” mekaar darem nog nie lank nie, dink ek.

* * * *

Die geneesheer het haar ondersoek en met tegniese en mediese hoogdrawendheid die diagnose gelewer. Maar toe, om duidelik te wees, is op boerse wyse meegedeel dat die bloeddruk in haar krisisoomblikke onder normaal is en die hart normaal! Daarby is die senuwees op breekpunt.

Ná hierdie openbaring sou leke bemoeisiek, behaaglik en selfgenoegsaam debatteer oor die moontlike, die onwaarskynlike en die onmoontlike. En die disputasie sou aanhou en hervat word — van teepouse tot uitskeityd. En as die woorde min raak oor die biertjie, sal die onsimpatieke simpatie andermaal tussen-deur die stemmegemurmur en sigaretrook geopper word . . . „Eienaardig tog, nè? Die arme vroumens . . .”

En die arme vroumens dan? Maar nee, sy wonder nie oor die diagnose wat skynbaar strydig met haar siekte is nie. Sy is in 'n miswêreld van skimme en silhoeëtte, tastende, reikende (winkende?) hande. Sy wil retireer, padgee uit die mistigheid; maar dis om haar, by haar en in haar.

* * * *

Die Tweeling

En daar is 'n tweeling gebore en hulle name was Alfa en Omega.

En Alfa het opgegroeï met die krag van baie manne in sy spiere.

Maar die natuur het Omega gehaat van sy eerste asemteug af.
En Alfa was bemind onder die skone dogters van die stad.
En Omega het, gevul met die eensaamheid van die ruimtes, gepeins in die natuur wat hom haat.

Alfa was die krygsman en die held van die stad
en Omega het groot wysheid in hom saamgedra;
en die volk het Omega nie geken nie.

Die Twee Broers

En daar is twee broers gebore op een dag,
en hulle het gesien dat die aarde goed is en het in die
goedheid daarvan opgegroeï.
En hulle het die aarde lief gehad, soos hulle liefde groot
was vir mekaar.
En hulle was onafskeidbaar.

En die swart voël het die een broer weggevoer na die swart
ruimtes
en die ander een het agtergebly op die goeie aarde.
En hy het gesien dat die aarde nie goed is nie
en hy het geweene.
En die ander broer het geweene,
want hy het gesien dat die ruimtes nie goed is nie.
En die aarde en die ruimtes om die aarde was gevul met smart.

TERUG IN SUID-AFRIKA (Slot)

Die besoeker aan Suid-Afrika wat in Afrikaans belangstel, word erg geskok wanneer hy hoor watter taal die Afrikaners onder mekaar besig. Hy lees dat een van die redes wat die Grensboere laat besluit het om die Kaap te verlaat, die pogings van Brittanje was om die Hollandse taal te onderdruk. Die gesegde lui immers:

„Wie geen taal heeft, is geen naam werd;
waar geen taal leeft, is geen volk.”

Die grensboere wou hul taal nie prysgee nie omdat dit die prysgawe van hul tradisies, hul agtergrond, hul siel sou beteken het. Wanneer jy jou taal prysgee, het jy jou volk prysgegee. Jy het in iets anders verander; jy het geestelike selfmoord gepleeg.

Die Grensboere het liever armoede, ontberings, gevare as hul nuwe erfporsie aanvaar. Hulle het die beskawing vaarwel toegeroep. Die beledigings van kerkmanne en politici het op hulle neergereën. Hulle is deur barbare aangeval en vermoor, siektes het die swakkeres uitgeroei. Die lafhartige beslissings van Downingstraat het soos 'n Damoklesswaard oor hul koppe gehang, waar hulle hul ookal gevestig het. Hul Republiek in Natal is tot niet gemaak. Die Vrystaat is van sy diamante beroof. Twee keer moes Boere teen die Britse oormag veg, en in 1902 is die finale vernedering toegedien. 'n Volk is in sy geheel verarm, en alle middele om hom weer op die been te laat kom is hom ontsê. Die vernederings wat in die daaropvolgende jare gevolg het, sou boekdele kan vul. Tog het Afrikaners bly aandring op hul reg om 'n eie taal en karakter te behou. Dit was nogal 'n prestasie.

Ek het hierdie aangrypende verhaal in die buiteland met die grootste belangstelling gelees en baie trots gevoel. Ek het gemeen dat ook die Afrikaners baie trots op hul Afrikanerdom en taal sal wees.

Ek was egter skaars drie dae in die land toe ek met verbystering moes vasstel dat die Afrikaanse taal in werklikheid met die grootste gebrek aan eerbied deur Afrikaners gepraat word. En hoe langer ek in Suid-Afrika gebly, en hoe meer mense ek leer ken het, hoe meer het ek besef dat die groot meerderheid Afrikaners bloedmin liefde vir hul taal koester.

Ek het kort na my aankoms in die land 'n korrespondensie oor taalsake in 'n bekende Afrikaanse tydskrif aan die gang gesit. Dit het heelwat belangstelling verwek, en twee of drie briewe het etlike maande lank weekliks verskyn. Maar tot my

ontsteltenis moes ek vasstel dat sowat 90 persent van die briefskrywers, van die sommige hulleself „Jong Republikein” of „Jong Suid-Afrikaner” genoem het, baie meer te sê gehad het oor die posisie van Engels as van hul eie taal, en 'n paar het selfs gesê dat hulle liever sou wil sien dat Afrikaans verdwyn as dat die posisie van Engels in Suid-Afrika enigsins aangetas word. In gesprekke het ek agtergekom dat baie Afrikaners wat hulleself goeie nasionaliste noem, presies dieselfde voel.

Dit beteken dat al die ellende, vervolging, verguising en armoede van die afgelope 150 jaar onnodig was. Die Afrikaners moes net aan die begin inskiklik gewees het, en hulle sou baie verdriet gespaar gewees het.

Sommige mense beweer dat kennis van baie tale nuttig is omdat dit die gees sou verryk. Dit is 'n ietwat onnoukeurige stelling. Is dit kennis van die tale as sulks wat die gees verryk, of kennis van die idees wat in daardie tale verkondig word, in boeke ensovoorts? Indien dit laasgenoemde is, kan die doel deur middel van vertaling van vreemde werke bereik word.

Maar dat kennis van die tale as sulks die geestelike ontwikkeling bevorder, kan betwyfel word. Trouens, heelwat wetenskaplikes en taalkundiges is die mening toegedaan dat die kind wat twee of drie tale deurmekaar praat, eerder belemmer word in sy geestelike ontwikkeling. Hy mag 'n vernis van oppervlaklike gesofistikeerdheid kry, maar hy word in belangrike basiese opsigte benadeel. Sy eie taal se spelling, grammatika en letterkunde word verwaarloos. Hy kan hom nie in sy eie taal behoorlik uitdruk nie.

Dit beteken natuurlik nie dat die bestudering van vreemde tale geheel en al verkeerd is nie, maar die kind moet eers sy eie taal en kultuur deeglik leer ken. Wanneer hy groot word, en die eie diep wortel in hom geskiet het, dan kan dit vir hom van nut wees om sy aandag aan ander tale te gee.

Weens ons staatkundige moeilikhede word gesê dat Afrikaner en Engelssprekende moet saamstaan. Ten einde samewerking tussen die twee taalgroepe te verkry, word dit herhaaldelik by die Afrikaner ingeskerp dat hy niks mag doen wat die ander taalgroep aanstoot sal gee nie. Veral op taalgebied moet hy versigtig wees. Ons kry dus die eienaardige situasie dat te midde van 'n ontstellende agteruitgang van Afrikaans die Afrikaners aanhoudend versekerings moet gee dat die beginsel van tweetaligheid vir hulle heilig is. En omdat die meeste Engelssprekendes ook nie te veel vir hul taal omgee nie, word aan die Afrikaners gesê dat indien die ander taalgroep nie sy taal wil handhaaf nie, die Afrikaners dit VIR hom sal doen. Dit is myns insiens 'n heeltetal verkeerde houding. Indien die Engelssprekendes taalonderwysers wil oplei of uit Engeland invoer om hul taalgebruik reg te ruk, dan wens ek hulle alle heil. Maar dat die Afrikaners ingespan moet word om die werk VIR hulle te doen, is 'n rampspoedige beleid, want dit bring mee dat hulle hul eie taal verwaarloos.

'n Afrikaanse dagblad het by geleentheid 'n berig geplaas waarin die menings van 'n paar laerskoolhoofde oor taalsake geplaas is. Almal het gesê dat die meerderheid kinders in hul skole makliker Engels skryf as Afrikaans. Hulle besig ook 'n min of meer suiwer Engels wanneer hulle praat terwyl hul Afrikaans vol geleende woorde en vertaalde uitdrukkings is; en wanneer hulle 'n storie wil vertel, praat hulle liever Engels, want hul kennis van Afrikaans laat hulle in die steek.

Dit is myns insiens 'n tragedie dat ons, met die oog op hierdie toedrag van sake, altyd aangesê word om besondere aandag aan ons Engels te gee wanneer ons nie eers ons eie taal kan praat nie. Maar die harde waarheid is natuurlik dat die Afrikaners nie in hul hart werklik glo dat Afrikaans 'n volwaardige taal is of kan wees nie. Dit is net goed vir die agterplaas, die kombuis, of wanneer die familie kom kuier.

Waarom moet ons so gesteld wees op ons Engels? Daar word verkondig dat dit 'n wêreldtaal is wat ons kontakte oral op die aardbol gee.

Dit is 'n misleidende argument, want wie, per slot van rekening, het dié kontakte nodig en moet dus van die wêreldtaal gebruik maak? 'n Handvol diplomate en sakemanne, wat uit die aard van hul werk en waarskynlik ook ten gevolge van hul agtergrond in elk geval die geleentheid het om vreemde tale te leer. Daar is natuurlik ook die wetenskaplikes van verskillende lande wat graag gedagtes met mekaar wil wissel. Dan is daar die paar welgesteldes wat dit kan bekostig om lang oorsese reise te onderneem. Vir hulle kan dit dalk nuttig wees om vreemde tale te ken.

Maar vir die groot meerderheid mense is kennis van 'n vreemde taal van min belang. Hulle bly, werk, ontspan en sterf in hul eie land. Hulle wil met hul eie mense gesels, hulle wil hul kinders in die tradisies van hul eie volk grootmaak, hul eie kultuur bevorder.

Daar moet onthou word dat die prestige wat 'n sekere taal op 'n gegewe oomblik geniet, van wisselvallige aard is. Daar is altyd een land wat so sterk op politieke gebied is, dat dit ook op ander gebiede 'n heersende posisie inneem. Nie so lank gelede nie moes elke goed opgevoede persoon Frans ken. Vandag is Amerika die toonaangewende moondheid in die Westerse wêreld, en almal moet dus „Engels” praat om in die mode te wees.

Maar selfs met kommunikasie-middele soos die radio, rolprente, televisie, boeke en koerante, wat 'n algemene standaardtaalgewoontes behoort te bevorder, vind ons dat Britse gehore oor Amerikaanse rolprente kla en die dialoog dikwels slegs met moeite kan volg, of dat die Amerikaners subtittels gebruik wanneer sommige Engelse films vertoon word. En hoewel daar veral in die tegniese terme groot verskille tussen Engels en Amerikaans bestaan, kry mens selfs in die alledaagse taal

belangrike verskille. Waar die Britte byvoorbeeld van die „autumn” praat, sê die Amerikaners die „fall”. Dit is egter die omgangstaal wat die grootste moeilikhede oplewer. Weet die Engelsman wat „schmalzy” beteken, of wat’n „shyster” is? Sal die Amerikaanse besoeker in Londen verstaan wat die Cockney met sy „titfer” bedoel? Die uitdrukkingsmedium van diegene wat van „squares” of „cats” praat, kan ons maar daar laat.

Indien mens na Australië gaan, is daar heelwat uitdrukkings wat jou sal laat kopkrap: dink net ’n bietjie oor die woorde van die lied „Waltzing Mathilda” na.

Waarom moet ons dan in Suid-Afrika met die idee van ’n wêreldtaal dweep? Wat het van Latyn geword? Dit het in verskillende dialekte ontaard wat later volwaardige tale geword het — Italiaans, Frans, Spaans en Portugees. (Terloops: laasgenoemde twee tale — vir die inligting van diegene wat meen dat die invloed van Anglo-Amerikaans in die jare wat voorlê nog geweldig sal toeneem — sal oor slegs 45 jaar deur 650-miljoen mense in Suid-Amerika alleen gepraat word.)

Dat Anglo-Amerikaans, ten spyte van al die moderne kommunikasie-middele, tog soveel verskeidenheid oplewer, is seker ’n aanduiding dat dié taal dieselfde pad as Latyn sal bewandel.

Laat ons derhalwe nie soseer bekommerd wees oor iets vreemds en van verbygaande aard nie. Diegene vir wie dit voordelig kan wees om ander tale te ken, kan dit maar op eie inisiatief leer. Maar laat die groot meerderheid besef dat hulle iets van hul eie het wat hulle moet beskerm en ontwikkel.

Ek het reeds na die Afrikaners se gebrek aan vertroue in hul eie taal verwys. Liewer as om vir hul taal op te kom wanneer dit nodig is, skuil hulle agter die verskoning: „Dis ’n tweetalige land”, of „Afrikaans is net nie daartoe in staat om sekere dinge uit te druk nie.”

Laat ons eers aan die verskoning oor die „tweetalige land” ’n bietjie aandag gee. In die meeste gevalle praat die Afrikaner twee tale en die Engelssprekende één — sy eie. Op hierdie manier kan daar geen kontak tussen die twee taalgroepe wees nie tensy die Afrikaner bereid is om kop te gee, want die Engelssprekende weier om hom enigsins tegemoet te kom. En omdat die Afrikaner nie bereid is om op sy goeie reg aan te dring nie, sal die Engelssprekende natuurlik bly weier om hom tegemoet te kom. „Samewerking” moet uitsluitlik op die voorwaardes van die Engelssprekende geskied.

Maar selfs in die paar gevalle waar Engelssprekendes Afrikaans wel magtig is en ook bereid is om dit te praat, word hulle nie toegelaat om van hul kennis gebruik te maak nie. Die Afrikaners wil blykbaar wys hoe slim hulle is, of hoe hoflik. (Van hoflikheid gepraat: dikwels hoor mens dat jy die ander man, hoflikheidshalwe, in sy taal moet aanspreek. Logies gesproke moet hy, omdat hy ewe hoflik is, jou in jôu taal antwoord. Dan kry mens die situasie waar twee mense met mekaar praat, elkeen in die ander man se taal!) Aangesien ons

met hierdie tweetaligheidseuwel moet saamlewe, laat die een man sy taal praat, en die ander syne. Die twee behoort mekaar te kan verstaan. Soos sake egter tans ontwikkel, sal ons almal een van die dae 'n Engels-Afrikaanse brabbeltaal besig wat eie is aan Suid-Afrika, en natuurlik onverstaanbaar vir die res van die wêreld. Wat het dan van die ideaal van 'n wêreld-kommunikasiemiddel geword? Ons kan net sowel die taal wat ons het, suiwer hou.

En wat van die onvermoë van Afrikaans om alles te sê? Eerstens; die lede van ons Akademie getroos hulle baie moete om goeie tegniese terme te skep. Op dié gebied kan ons dus nie kla nie. Tweedens; waarom kan die volk nie sy eie terme skep nie? Byvoorbeeld: 'n Man sê my een keer dat in die staalfabriek waar hy werk, daar sekere groot toestelle is wat gesmolte staal skep. In Engels is dit „ladles”. Daar is eenvoudig geen woord in Afrikaans wat daardie toestel beskryf nie, sê die man. Werklik? Maar wat is dan 'n „ladle”? Dit is slegs die Engelse woord vir 'n solepel. Noem dit dan 'n lepel, en kry klaar.

Dit is egter nie die grootste probleem nie. Afgesien van die tegniese en wetenskaplike taal, waarvoor daar nou amptelik voorsiening gemaak word, kan mens wel alles in Afrikaans sê, en dit is hoegenaamd nie nodig om te „worry” en te „moan” oor die gemeende gebreke in ons taal se sêkrag nie. Dikwels sê mense vir my dat woorde soos „moan” 'n besondere betekenis het wat die Afrikaanse ekwivalente nie het nie. As iemand wat byna sy hele lewe Engelssprekend was, maar wat nou 'n redelike kennis van Afrikaans opgedoen het, kan ek met nadruk antwoord dat daardie verweer van alle waarheid ontbloot is. „Moan” sê nog meer nog minder as kla, neul of sanik.

Dat mense hul tale meng, kan aan verskillende redes toegeskryf word. Daar is seker 'n element van snobisme verbonde aan die invleg van vreemde woorde in jou spraak. Dit kan miskien soms deftig aandoen, maar die gewoonte neem nou sulke ontsettende afmetings aan dat Afrikaans op die oomblik nie werklik as 'n taal bestempel kan word nie. Wanneer almal — en dit sluit dominees, professore, onderwysers, politici; kortom al die sogenoemde opgevoede persone in — slordig praat en hulleself nie behoorlik kan uitdruk sonder om woorde en hele sinne van 'n vreemde taal oor te neem nie, wat bly dan eintlik van hul taal oor?

Min volke kan dit die Afrikaners nadoen wanneer lang toesprake afgesteek moet word waarin daar na tradisies, volk, kultuur en taal verwys word. En min volke steur hulle in werklikheid so min aan hierdie dinge soos die Afrikaners.

Die toestand waarin ons verkeer, kan as een van geestelike monargie bestempel word. Voor die koms van die Republiek het baie mense gemeen dat die land in duie sal stort sonder die ruggraat wat Brittanje veronderstel was om aan hom te verleen. Dit wil egter voorkom of sake nou eers regtig floreer. Maar vandag is daar steeds baie mense — „stoere Afrikaners”,

„hartstogtelike republikeine”, „oortuigde nasionaliste” — wat glo dat Suid-Afrika ten gronde sal gaan indien Afrikaans sy regmatige plek in die land inneem.

Die wêreld se huidige kultuurleiers moes ook begin. In die 15de eeu was die Franse, wat nie so lank daarna nie die sinnebeeld van verfyning in Europa geword het, 'n rowwe klomp lummels. Teen die einde van die eeu het hulle begerige oë op die rykdom van die Italiaanse stede begin rig en oor 'n tydperk van 40 jaar het hulle oorlog teen die stede gevoer: die sogenaamde Italiaanse Oorloë. Die vernaamste gevolg van die oorloë was dat die Franse met die Italiaanse Renaissance in aanraking gekom het. In die 16e eeu het hulle kunsskatte na Frankryk begin terugneem en toe die Franse koning met die Italiaanse prinses Cathérine de Medici getroud is, het sy baie Italiaanse kunstenaars saam met haar na Frankryk gebring. Baie van die beroemde kastele aan die Loire-rivier is, byvoorbeeld, nie eintlik skeppings van die Franse kuns nie, maar van ingevoerde Italiaanse argitekte en bouers.

Die Franse taal was aan die begin van die 16e eeu die taal van ongeletterde boere en van handarbeiders in die stede. Die geleerdes het Latyn gebesig. 'n Groep van sewe jong idealiste het egter besluit om 'n nasionale taal te skep. Hulle het woorde geleen: by Latyn, Grieks, Italiaans en die dialekte van die Franse ryk. Hulle het woorde geskep. Hulle het geskryf. En binne 25 jaar het hulle die fondament gelê wat Frans daartoe in staat gestel het om binne 100 jaar naas Latyn die taal van die opgevoede en beskaafde mens dwarsdeur Europa te word.

Maar watter aanmoediging het daardie jong manne aan die begin gekry? 'n Bekende geleerde, Turnèbe, het hom aan die begin van die 16de eeu as volg oor die pogings van die taalidealiste uitgelaat:

„Dit is 'n gemors van tyd en papier om ons idees in ons eie taal te probeer formuleer. Frans is te platvloers om edele gedagtes te kan uitdruk. Dit kan slegs vir alledaagse sake deug. Buitendien is daar geen vaste spelreëls nie, iets wat nodig is vir die verewiging van 'n taal. Frans het ook nie so veel woorde soos Grieks en Latyn nie. Aangesien dit dus in alle opsigte so swak afsteek by Latyn, sou dit 'n vergryp aan ons gesonde verstand wees om die oue ter wille van die nuwe oorboord te gooi.”

Hierdie mening is deur baie ander van sy geleerde tydgenote gedeel.

Wat van Duits? Die verwoesting wat die 30-jarige oorlog in die Duitsland van die 17e eeu gesaai het, het die Duitsers se selfvertroue op baie gebiede ondermyn en hul taal het natuurlik ook in die slag gebly. Selfs in die tweede helfte van die 18e eeu was dit sonder veel aansien. Die groot held van elke regdenkende Duitser, koning Frederik die Grote van Pruise, wat

op allerlei gebiede so veel vir sy land beteken het, het verkies om waar moontlik Frans te praat en het slegs met sy soldate en die minder ontwikkelde van sy volk sy eie taal gebesig. Dit was egter teen hierdie agtergrond van miskenning van die Duitse taal dat Goethe en Schiller hul werke geskryf het.

As mens van die Russiese letterkunde praat, dink die meeste mense dadelik aan Tolstoi en Dostojewski. Diegene wat dit beter ken, sal name soos Ghoghol en Tjegof kan noem. Ander sal weer van Toerghenjef en selfs van Poesjkin weet. Hoeveel mense weet egter dat die groot werke van dié meesters almal binne die tydsbestek van 100 jaar geskryf is? Watter aanmoediging het byvoorbeeld Poesjkin aan die begin van die 19e eeu gehad om Russies te skryf? Diegene wat kon lees, het meestal verkies om Frans te praat.

In die romans van Tolstoi is daar heelwat Franse, en selfs Duitse dialoog. Laat ek 'n voorbeeld uit „Oorlog en Vrede” verstrek: die Russiese deel vertaal ek in Afrikaans:

„Die prins is nie heeltemal gesond nie. La bile et le transport au cerveau. Tranquillisez-vous, je repasserai demain, het die dokter gesê.”

Op 'n ander plek is 'n groep mans besig om die naderende oorlog met Napoleon te bespreek. Een ou generaal, wat blykbaar baie kwaad vir die jeug is, sê verontwaardig:

„En waarom sal ons teen die Franse veg? Sal ons teen ons onderwysers en ons gode optree? Kyk na die jeug, kyk na ons dogters. Hul gode is die Franse, hul hemelse koninkryk Parys. Franse klere, Franse idees, Franse gevoelens.”

Baie Afrikaners verkeer in die waan dat om 'n wye leserskring te hê, die belowende skrywer in Engels moet skryf. Hulle besef nie dat as 'n boek goed is, dit in elke geval aandag sal geniet. Toe die groot skrywers van die verlede wou skryf, hoe veel mense kon hul boeke lees? 'n Mikroskopiese persentasie van die bevolking.

Die Franse taal, soos ons dit vandag ken, was sowat 200 jaar lank die taal van alle opgevoede mense, hoewel slegs sowat 13 persent van die Franse bevolking dié taal kon praat. In omstreeks 1793 het die Franse rewolusionêre raad ondersoek laat instel na die aantal Franssprekendes in die land. Uit 'n bevolking van sowat 24-miljoen kon slegs 3-miljoen die taal goed hanteer, terwyl nog 3-miljoen hulle oor die weg kon help indien die nood gedruk het. Die res het hul eie dialekte gepraat, waarvan sommige so veel van Frans verskil het as Nederlands van Sweeds of Duits, terwyl die dialek van die provinsie Brettanje nie eers van Latynse oorsprong is nie. Dit is 'n Keltiese taal, en kom min of meer ooreen met die taal wat die Wallisers in Brittanje praat. Al hierdie oorwegings het die Franse skrywers egter geensins gehinder nie. Hulle het Frans geskryf omdat hulle wou. Vreemdelinge het òf die moeite gedoen om Frans te leer, òf gesorg dat hulle 'n vertaling in die hande kry.

Dieselfde geld vir Russies. Al kan almal vandag in die Sowjet-Unie lees (wat te betwyfel is), is daar tog min mense buite Rusland wat die Russiese taal ken. Tog is boeke soos „Anna Karenina” en „Oorlog en Vrede” dwarsdeur die wêreld bekend en bemin.

Indien die Afrikaners werklik so lief vir hul taal is, sal hulle nie hul tyd mors deur die „groot wye wêreld” deur medium van Engels te probeer bereik nie. Hulle sal werke skep wat die wêreld se eerbied afdwing, al is die aantal mense wat die taal ken hoe klein. Toe Ibsen en Strindberg met hul werke soveel opspraak in Europa verwek het, het die bevolkings van hul lande miskien nog minder siele getel as die Afrikaners vandag. Denemarke het vandag ’n bevolking van ongeveer viermiljoen mense. Hoeveel was daar toe H. C. Andersen 100 jaar gelede sy beroemde feevertale geskryf het?

Generaal Smuts sou eenkeer gesê het dat die dag sal kom wanneer Hollands van die Kaap tot in Nairobi gepraat word. Dat daar wel persone is (of was) wat Hollands-Afrikaans in dié dele van ons vasteland praat (of gepraat het), is waar. Maar dat ons taal nie die omgangstaal van alle bevolkingsgroepe geword het nie, is slegs aan ons eie slegtigheid te wyte. Ons beskuldig die Kleurlinge daarvan dat hulle nie genoeg nasietrots het om as aparte volksgroep te wil bestaan nie, maar ek kan nie aanvaar dat ons die reg het om dit te doen nie, want ons wil ook nie op ons eie voete staan en onself wees nie.

Die Afrikaner is natuurlik in sy wese ’n baie verdraagsame mens. Maar daar is ’n groot gevaar verbonde aan die begeerte om verdraagsaam en tegemoetkomend te wees. Mens kan eventueel die vermoë inboet om hoegenaamd ’n eie mening te hê. Dit is ook moontlik dat ’n mens se opvattinge radikaal aangetas word ten kwade, wanneer jy te veel met vreemde persone omgaan en hul gevoelens in ag neem. Aristoteles sê in dié verband:

„Die gereelde omgang met vreemdelinge bederf die lewenshouding van vele burgers. Dit kan immers nie uitbly nie dat vreemdelinge, onder andere wette en sedes opgevoed, in baie gevalle anders handel as die heersende sedes verlang: en omdat hulle dwarsdeur die burgers verlei om hul voorbeeld te volg, word die lewenshouding van die burgers in verwarring gebring.”

Dat die lewenshouding van die Afrikaners asook hul selfvertroue in ’n groot mate in verwarring gebring is, word bewys deur die feit dat waar hulle met mense van ’n ander taalgroep in ’n geselskap in aanraking kom, hulle dikwels die eerste is wat kritiek uitspreek oor Afrikaanse instellings of gewoontes, of hulle daarvoor verlustig. En wanneer hulle ’n indruk van deftigheid wil maak, praat hulle vanselfsprekend Engels. Dat die Engels wat hulle besig dikwels ongrammaties is en dat hul uitspraak lelik is, tel blykbaar nie by hulle nie. Maar hoe kan hulle eintlik weet dat die dialek wat die meeste van hul Engels-

sprekende medeburgers praat, enige taalonderwyser in Engeland grys hare sou gee?

Dit kom daarop neer dat om deftig te wees, die Afrikaner bereid is om die uiters ONdeftige tongval van 'n ander bevolkingsgroep tot sy eie te maak!

Maar dit is blykbaar 'n wet van die natuur dat alles wat vreemd is, goedgekeur word, terwyl die eie tradisie as oudmodies afgeskryf word. (Waarom die oudmodiese juis ongewens is, is vir my nie duidelik nie, want geen argument word ooit ter verdediging van so 'n stelling aangevoer nie. Trouens, die beste kwinkslag wat ek nog gehoor het om die teenoor-gestelde stelling te verdedig, lui: „Indien jy lank genoeg op een plek bly staan, sal jy jou vroeër of later aan die voorpunt van die vooruitgang bevind.”)

Wanneer mens in die openbaar oor hierdie dinge kla, word geantwoord dat jy kleinmoedig is, onnodig pessimisties. Die taalstryd is verby: tien jaar gelede was sake baie erger. Afrikaans wen nou oral veld. Dit laat my altyd aan die woorde van S. J. du Toit dink:

„En ons volk met slaap bevange, droom van vrede, is gerus,
Word hul wakker, 't duur nie lank nie, netnou is hul weer
gesus.

Dié wat van gevaar durf prate, dié verklaar hul stapel gek.”

Dat Afrikaans so baie veld wen, is nie sonder meer 'n aanvaarbare stelling nie. Sestig jaar gelede kon die Afrikaner dikwels nie eens Engels praat nie. As die Engelsman van destyds die Boer iets wou vra, was dit hý wat moeite moes doen. President Kruger het hom byvoorbeeld nie laat verneder deur aan die Britse lords sy standpunt in stotterende Engels te probeer stel nie. Hy het sy tolk saamgeneem, wat hom natuurlik 'n groot sielkundige voordeel besorg het.

Vandag is daar min Afrikaners wat hulle nie in Engels verstaanbaar kan maak nie. En dit beteken dat waar die Afrikaner die Engelsman ontmoet, eersgenoemde hom op vreemde gebied moet begewe en daardeur die sielkundige voordeel inboet. So dikwels hoor mens die naïewe verskoning dat jy die Engelsman „op sy eie gebied” moet klop, of dat jy 'n beter man as hy is indien jy sy taal kan praat, maar hy nie jounie nie.

Jy is beslis NIE 'n beter man as hy indien jy sy taal kan praat, maar hy nie jounie nie. Die Engelsman se onvermoë om Afrikaans te praat, is nie aan onnoselheid toe te skryf nie. Die waarheid is eenvoudig dat hy Afrikaans nie WIL leer nie, want hy wil jou gevoelens daardeur kwets. Daar is uitstekende Egiptoloë en kenners van die klassieke en ander ou tale onder die Britte, en Latyn, Grieks en Hebreeus is seer sekerlik baie moeiliker om te bemeester as Afrikaans. Dit bewys dat hulle wel vreemde tale kan aanleer wanneer hulle wil. Nou kom ons die belaglike idee verkondig dat ons die Engelsman se meerdere is indien ons nie aanstoot neem nie wanneer hy by implikasie

vir ons sê dat hy ons verag. Is ons almal werklik nie ouer as twaalf nie?

En watter verstandige Afrikaner, wat as Afrikaner grootgeword het, glo dat hy die Engelsman „op sy eie gebied kan klop?” Dit is mos verspot! Wanneer jy met 'n ander mens redeneer, sal jy nooit so goed in sy taal kan praat as in jou eie nie. Op jou beste maak jy 'n flou indruk, en in die ergste geval maak jy van jouself 'n gek.

Dit is baie beter om jou teenstander op eie, bekende gebied aan te durf. Laat hom in die verleentheid rondploeter, op soek na die regte woord.

Ek kan ook nie glo dat Afrikaans so baie veld wen nie. Hoewel die geradbraakte gemors wat vir Afrikaans deurgaans miskien meer gehoor word as vroeër, getuig dit nie noodwendig van 'n segetog van Afrikaans nie. In die ou dae het Afrikaners seker ook op die spoorweë en in die winkels gewerk, maar hulle was te bang om ooit 'n woord Afrikaans te laat hoor uit vrees dat hulle dalk hul werk verloor. Vandag is sake miskien nie so erg nie — hoewel ek in dié verband net wil meld dat my vrou, wat 'n verantwoordelike toesighoudende pos by 'n afdelingswinkel in Johannesburg beklee het, 'n maand na haar aanstelling deur haar onmiddellike (nogal Afrikaanse!) hoof ontslaan is omdat sy haar maandverslag, wat in elk geval hoofsaaklik uit syfers bestaan het, in Afrikaans opgestel het. Laat ons egter argumentshalwe maar sê dat dinge vandag nie meer so erg is nie. Winkelassistente sal jou deesdae wel in Afrikaans antwoord wanneer jy hulle in dié taal aanspreek.

Dit is egter nie Engelssprekendes wat die taal intussen aangeleer het nie; dit is slegs Afrikaners wat nie meer so dood bang is om te erken dat hulle Afrikaners is nie. 'n Bra treurige soort vordering, indien dit vordering genoem kan word.

In 1914 was daar glo 'n Engelstalige koerant in Johannesburg wat daaglik twee hoofartikels in Nederlands geplaas het. Vandag pleit dieselfde koerant dat die tweetaligheidsklausule — daardie misterieuse bepaling wat blykbaar net op die Afrikaner van toepassing is — nie vir immigrante verpligtend moet wees nie.

Dan is daar minstens twee nasionale Afrikaanse koerante wat gereeld artikels en briewe in Engels plaas. En wat van die sogenaamde tweetalige koerante, wat gewoonlik baie meer Engels as Afrikaans is?

Daar is natuurlik mense wat toegee dat dinge miskien nie so goed gaan nie, maar hulle herinner jou altyd aan die „omstandighede”. Ons was so lank onder die Britse hiel, sê hulle.

So lank was dit tog nie! Honderd-en-vyftig jaar vir die Kapenaars en 60 jaar vir die Vrystaters en Transvalers!

Afrikaners toon nie altyd veel agting vir, byvoorbeeld, hul medeburgers van Griekse afkoms nie. Waarom, weet ek nie. 'n Volk wat 400 jaar lank op baie wreder wyse deur 'n vreemde moontheid, Turkye, vervolg en onderdruk is, en tog sy gods-

diens, sedes en taal behou het, verdien seker ons bewondering.

Ek dink ook dat ons by die Indiërs iets kan leer. Ons verwys minagtend na hulle as koelies, maar ten spyte van hul betreklik geringe getalle het hulle tradisievas gebly. Wie is ons, bewonderaars van Amerikaanse blikkiesvermaak, dat ons hulle kan bespot?

Indien ons verengels, is dit nie ten gevolge van die Engelsprekende se optrede nie. Dit is ons eie skuld en slegtigheid, en niemand anders s'n nie. 'n Russiese spreekwoord lui dat glas deur die hamerslag verpletter word, terwyl yster daardeur gesmee word.

Die Afrikaner sal nou moet wys waarvan hy gemaak is.

LAWRENCE FERLINGHETTI

Lawrence Ferlinghetti is in 1919 in Yonkers, New York, gebore. Hy ontvang 'n B.A.-graad van die Universiteit van Noord-Carolina en 'n M.A.-graad van die Universiteit van Columbia. In die Tweede Wêreldoorlog doen hy diens in die Amerikaanse vloot, daarna werk hy by Time. Van 1947 tot 1951 woon hy in Parys, waar hy 'n Doctorat de l'Universite van die Sorbonne ontvang. By sy terugkeer vestig hy hom in San Francisco, waar hy en Peter D. Martin die eerste uitsluitlik sagteband-boekwinkel, City Lights, stig. Ferlinghetti begin toe om die „Pocket Poet Series” uit te gee, wat werke insluit van William Carlos Williams, Allen Ginsberg, Kenneth Patchen, Kenneth Rexroth, Denise Levertov en Gregory Corso, sowel as sy eie „Pictures of the Gone World”.

Lawrence Ferlinghetti het baie gereis in die V.S.A. om poësie-voorlesings te gee en het verskeie langspeelplate van poësie gemaak onder die Fantasy-handelsmerk. Sy besonder populêre digbundel „A Coney Island of the Mind” word in Mei 1958 deur New Directions uitgegee. In Desember 1964 was dit in die twaalfde druk. 'n Roman HER is in 1960 gepubliseer. „Starting From San Francisco”, 'n digbundel wat ook 'n 7 dm. langspeelplaat bevat, waarop die digter self van sy gedigte voorlees, is in 1961 uitgegee en „Unfair Arguments with Existence” (sewe toneelstukke vir 'n Nuwe Teater) in 1963. „Routines” — verdere onkonvensionele rewolusionêre toneel, is in 1964 gepubliseer.

DRIE MEISIES GAAN OOR DIE LAND

Drie meisies gaan oor die land
een met 'n stuk brood in die hand
Een sê
Laat ons dit verdeel en sny
En hulle drentel deur 'n rooi woud
en in die rooi woud
was 'n rooi kerk
en in die rooi kerk
was 'n rooi altaar
en op die rooi altaar
'n rooi mes
en nou kom ons by die gelykenis
Hulle
het die rooi mes geneem en hulle
brood gewond
en waar hul gesny het met die
mes so rooi
was dit rooi.

Lawrence Ferlinghetti uit *Pictures of the Gone World*.
Vertaling: Marië Blomerus.

BOEKE ONTVANG

1. C. Baily: *Niekie die Wandelaar*, kinderverhaal uit Frans (G. P. K. Kirsten). Tafelberg-uitgewers, 1965, R1.25.
2. André P. Brink: *Bagasie*, Triptiek vir die toneel. Tafelberg-Uitgewers, 1965, R1.30.
3. Ernest Claes: *Claes Omnibus Twee*, nouvelles. Standaard-Boekhandel, Antwerpen 1964.
4. Johan Daisne: *De wedloop der Jeugd e.a. verhalen*. Uitgeverij Ontwikkeling, Antwerpen 1964.
5. Abr. H. de Vries: *Die rustelose Sjalon*, Reisjoernaal. Human en Rousseau, 1965, R1.50.
6. Paul de Vree: *Maurice Gilliams*, Ontmoetings 55. Desclée de Brouwer, Brugge 1964.
7. Margaret Griffin: *Tiquimani*, reisverhaal. Kosmo-Uitgewers, Stellenbosch 1965. R3.20.
8. J. J. G. en P. W. Grobbelaar: *Die nagberg*, roman. Tafelberg-uitgewers, 1965. R1.50.
9. Doc Immelman: *Shondoro*, jagverhale. Unie-Boekhandel 1965. R1.40.
10. N. P. van Wyk Louw: *Asterion*, libretto vir 'n radiofoniese opera. Human en Rousseau, 1965. R1.65.
11. Mikro: *Dankie Adrianos*, ses kortnovelles. H.A.U.M., 1965. R1.45.
12. Felix Salten: *Bambi, dierverhaal*. Uit Duits (Leila Nienaber), Kosmo-uitgewers, 1965. R1.90.
13. Dr. A. P. Treurnicht: *Op die keper*, essays. Tafelberg-uitgewers 1965. R1.65.
14. Karel Schoeman: *Veldslag, twee nouvelles*. Human en Rousseau 1965. R1.65.
15. C. P. van der Merwe: *Briewe van 'n vader*. Tafelberg-uitgewers 1965. R1.25.
16. Petronella van Heerden: *Die 16de Koppie*, biografiese vertelling. Tafelberg-uitgewers 1965. R1.50.
17. V. van der Westhuizen: *Om die Koppieskool*, vertelling uit jeugjare. Voortrekkerpers 1965. R1.30.
18. Dies.: *Kolokwinte*, gedigte. Voortrekkerpers 1965. R1.40.
19. Vlaamse Pockets:
 - 30: Bert Decorte: *Profaan brevier*.
 - 135: Daan Inghelram: *Angelique*.
 - 150: R. F. Lissens: *Confrontaties*.
Heideland, Hasselt.
20. L. I. Wilder: *Die huis in die groot bos*. Kinderroman.
dies.: *Die huis op die grasvlakte*. Kinderroman.
Uit Amerikaans (Santie Grosskopf). Tafelberg-uitgewers 1965. R1.50 elk.

Gedruk deur Hayne & Gibson, Doornfontein, Johannesburg.

